# TEOSOFIE

Van al die verskillende sektariese stromminge is die teosofie waarskynlik die ingewikkeldste en moeilikste om te bestudeer. Dit is 'n besonder pretensieuse sisteem en maak aanspraak daarop dat dit die fundamentele waarheid wat in wetenskap, filosofie en al die godsdienste bevat is, omsluit. 'n Intensiewe studie van die teosofie moet ons onvermydelik lei tot 'n studie van die fisika, chemie, astronomie, mitologie fenomenologie en geskiedenis van die godsdiens, om maar net 'n paar te noem. Daarby bestaan daar vandag 'n hele aantal skakeringe van die teosofiese leerstellings. Ons sal hier alleen op die grondbeginsels kan let en hoofsaaklik die klem laat val op die teologiese aspekte.

## 1. Historiese Oorsig :

In 1875 is die Theosophical Society deur Madame H. P. Blavatsky, Kol. H. S. Olcott en mnr. W. Q. Judge gestig. Dit het plaasgevind in New York, Amerika, die land van herkoms vir die oorgrote meerderheid sektes en vreemde gelowe. Met die stigting van die Theosophical Society het ons egter 'n punt waarop 'n hele lang ontwikkelink uitloop, sodat ons heelwat in die geskiedenis sal moet teruggaan.

Die agtergrond wat ons bestudeer, is eerstens die godsdientiges toestand van Amerika in die 19de eeu en tweedens die geskiedenis van Madame Blavatsky, wat deur die Teosowe op haar voorletters genoem word, naamlik H.P.B. Van nou af sal ons haar ook so noem.

Wat die **godsdienstige toestand van Amerika** betref, wil ons baie kortliks net daarop wys dat vanaf 1740 ons 'n ontwikkeling aantref wat die godsdienstige karakter van daardie land in 'n groot mate bepaal. Met die Amerikaanse Burgeroorlog kry ons 'n vlaag van wat die Amerikaners self noem „the barks" en „the jerks" oor die hele Amerika. Dit is godsdienstige opwellings wat met histerie gepaard gaan — neerval op die grond, sien van visioene, praat in vreemde tale en dergelike meer. Hiermee saam maak honderde verskillende sektariese bewegings hulle verskyning: Swedenborgianisme, Mormonisme, Vrymesselary ,Spiritisme, New Thought, Christian Science en nog baie meer. Sekere praktyke, byvoorbeeld gebedsgenesing, wen sterk veld en sluit aan by mesmerisme en hipnotisme wat nou bekend word. Ou gevestigde godsdienstige beweginge wat heeltemaal op die agtergrond geraak het, byvoorbeeld die Quakers, herleef kragtig. Tegelykertyd het ons veral in die 19de eeu 'n toestroming van 'n hele aantal Oosterlinge wat die Oosterse godsdiens in Amerika, Brahmanisme en Buddhisme en veral die yogi-filosofie, kom propageer. 'n Hele aantal mense het onder hulle invloed gekom, waaronder 'n aantal baie invloedrykes, waarvan Emerson, die skrywer en digter, waarskynlik die belangrikste was, omdat hy die idees vanuit die Ooste baie in sy geskrifte

bekend gemaak het. In die wetenskaplike wêreld was daar ook 'n belangstelling in vreemde godsdienste, veral in die godsdienste van die Antieke, d.ws. van die Nabye Ooste, Egipte en Griekeland.

Die teosofie staan die gedagte voor dat in elke soort godsdiens 'n deel van die waarheid te vind is. Dit het daarom kontak met al hierdie rigtinge gehad en ook invloed daarvan ondergaan, terwyl baie ander gedien het om die Amerikaanse publiek vatbaar vir Teosofie te maak. So het sekere groepe van die Teosowe byvoorbeeld met Swedenborgiane saamgegaan terwyl H. P. B. haar eerste bekendheid in spiritistiese kringe bereik het.

Die geskiedenis van die teosofiese beweging word egter wesenlik bepaal deur sy stigters en daarom moet ons breedvoeriger by die **geskiedenis van Madame Blavatsky** stilstaan.

Helena Petrovna Blavatsky, gebore Hahn, is die einde van Julie 1831 in Ekaterinoslaw in die Ukraïne gebore. Haar vader was kolonel, lid van 'n vooraanstaande militêre familie. Ook haar moeder behoort tot die adelstand. Haar grootmoeder was bekend in letterkundige kringe en haar moedtr was die eerste bekende Russiese skryfster onder die nom de plume Zanaïda R. H.P.B. kom dus uit 'n vooraanstaande en hoogontwikkelde kring.

Hoewel dit waarskynlik baie oordrywe word, vertel die teosofiese oorlewering dat sy grootgeword het in 'n atmosfeer van sprokies en legendes, vol van oordrewe godsdienstige formaliteite en bygelowe. Van kleins af het sy hierin belanggestel en met die feëtjies en allerlei geeste saamgelewe.

Haar moeder is dood toe sy nog klein was en na sy en haar jonger suster 'n ruk by haar vader in die barakke gebly het, het hulle by hulle grootouers gaan woon. Die opvoeding van H.P.B. was hier maar planloos; afwisselend is sy hopeloos bederf en weer netso hard en streng behandel. Sy was altyd sieklik, 'n slaapwandelaar, vol eienaardighede sodat baie gesê het sy is van die duiwel besete. Baie priestes is gebring om die duiwels uit te dryf en „she was drenched with enough holy water to float a ship", soos een van haar biograwe sê. [1]) Sy was 'n besonder moeilike kind, gedurig in opstand teen alle reëls en beperkings, geneë tot aanvalle van verskriklike woede en net sulke hewige aanvalle van liefderikheid. Hierdie karaktertrek het dwarsdeur haar lewe gebly. Sy het alle vorme van studiewerk verafsku, maar skielik weer jammer gekry dat sy lui is en dan weer vir 'n rukkie hard gewerk. Sy was met ander woorde van 'n baie emosionele, onstabiele geaardheid. Sy het heeltemaal vereensaam gelewe en vir haarself 'n fantasiewêreld opgebou, waar sy die hele

---

1) Aangehaal deur Alvin Boyd Kühn, *Theosophy, a Modern Revival of Ancient Wisdom,* New York, 1930, bls. 46 (Diss.).

dag lank hardop met denkbeeldige speelmaats kon praat. Teosowe vertel [2]) dat reeds as kind sy 'n beskermer altyd naby haar gevoel het, 'n geestelike wese wat hom aan haar gewy het. Hierdie wese het nooit verander nie en sy gesig het dieselfde gebly; later in haar lewe het sy hom as 'n lewende persoon ontmoet en hom dadelik herken. Hierdie persoon het haar as haar geestelike beskermer dikwels uit gevaar en moeilikheid gered, lank voordat sy hom as mens leer ken het.

Dit het gou geblyk dat sy 'n clairvoyant was en het dikwels voorspellings gedoen, vertel waar verlore artikels was en dergelike meer .

Sy het nooit omgegee of sy trou of nie. Haar goewernante het haar eendag gespot dat sy te sleg was om 'n man te kry en dat geen man haar ooit sal vra nie, omdat haar humeur so sleg was. Hieroor was sy so woedend dat sy 'n man wat baie ouer as syself was, Genl. Blavatsky, verlei het om 'n huweliksaansoek te doen en toegestem het om met hom te trou. Sy was toe sewentien jaar oud. Met haar huwelik merk ons 'n bepaalde seksuele perversiteit wat haar lewelank geduur het en verskillende kere te voorskyn gekom het. Die idee van die huwelikslewe was vir haar so afstootlik dat sy drie maande na die huwelik haar man verlaat het en weggevlug het. Wie haar lewe bestudeer, merk hierdie element keer op keer. Sy maak ook 'n definitief „mannerige" indruk.

Om weg te kom van haar man af verlaat sy Rusland en begin oor die hele aarde swerwe. Daar is byna nie 'n land waar sy nie vir 'n korter of langer tyd vertoef het nie. Haar onstabiliteit as kind kenmerk haar ook in haar volwasse lewe. Terwyl haar vader die geld verskaf het, kon sy al haar giere tot uitvoering bring. So raak sy geïnteresseer in die Rooihuide nadat sy een van Fennimore Cooper se verhale gelees het; sy haas Amtrika toe om die Rooihuide te gaan bestudeer, maar verloor gou haar belangstelling en wy haar aan 'n studie van die Mormone. Dit hou net 'n klein rukkie voordat sy weer in die Voodoo-godsdiens van 'n groep Amerikaanse negers belangstel. Kort hierna vind ons haar in Indië, 'n toegewyde student van Hindoeïsme en Brahmanisme. Hier word sy besonder geïmponeer deur die wonderdoenery van Indiese priesters en word self 'n student van towernary. In 1858 word sy tot die Spiritisme bekeer deur D. D. Home, een van die bekendste spiritiste van die tyd. In 1870 stig sy ook 'n Société Spirite in Kairo, maar is binne enkele weke daarvoor moeg en laat dit vaar. Hierdie verskillende ondervindings en aktiwiteite sou hulle invloed op die latere Teosofie laat geld. Teen hierdie tyd het H.P.B. ook al bekendheid begin kry as wêreldreisiger, spiritistiese medium en wonderdoener. Die verhale oor haar wonderdoenery is so legio en die een so geklik soos

---

2) Byvoorbeeld A. P. Smith, *Incidents in the Life of Madame Blavatsky*, Theosophical Publishing Society, London, 1913.

die ander dat ons later net 'n paar voorbeelde sal noem.

In 1873 gebeur iets van wesenlike belang. Terwyl sy in Parys is, beveel haar „spiritual overseers" (dit is die geestelike leermeesters en bewakers met wie sy saamlewe) haar om na Amerika te gaan om 'n sekere Kol. H. S. Olcott te ontmoet, 'n man van wie sy nog nooit gehoor het nie, maar met wie saam sy 'n belangrikt onderneming sou loods. Sy is dadelik na Amerika, waar sy aanvanklik in armoede moes lewe totdat sy die erfporsie van haar oorlede vader ontvang het. Hierdie geld was gou deur die vingers. Sy moes verder maar lewe soos en waar sy geld in die hande kon kry. Haar lewensgeskiedenis gee egter nie juis blyke van gebrek aan geld nie.

In Amerika het sy Olcott ontmoet en 'n lewenslange samewerking begin. Aanvanklik het hulle hulle gewy aan 'n studie van Okkultisme, Spiritisme en dergelike meer en in New York 'n kring gestig wat hulle hieraan gewy het. Stadigaan het H.P.B. al meer bekend geword as medium en wonderdoener.

Op hierdie stadium moet ons 'n paar voorbeelde van haar wonderdoenery gee: Sy het vroeg reeds daarmee begin. In 1858 het sy byvoorbeeld 'n moordsaak opgelos; 'n moord is gepleeg en 'n onskuldige man beskuldig; sy het egter (sonder dat sy die moordenaar of die vermoorde geken het of naby die plek van die moord was) aan die polisie volledige besonderhede oor die moord verskaf, wat deur ondersoek bevestig is. — Sy was 'n harde roker, iets ongehoords destyds onder vroue. Dikwels het haar tabaksaak en ander benodighede na haa rtoe aangeswewe gekom as sy net na hulle kant toe kyk; en dit in volle geselskap. — Gedurende 'n besoek van Olcott aan H.P.B. in 1875 het 'n hele reeks wonders plaasgevind; o.a. het Olcott vir hom twaalf handdoeke gekoop wat hy omgesoom wou hê; aangesien H.P.B. nie naaldwerk kan doen nie, stel hy voor dat sy dit deur bonatuurlike krag moet doen; sy laat hom die handdoeke in 'n kas sit en na twintig minute haal hy hulle uit, klaar omgesoom. Olcott se baard het ook in een nag van sy ken tot op sy bors gegroei; die doel agter hierdie vrugbaarheid is nie duidelik nie. Verder het talle briewe sommer verskyn en verdwyn. — In 1880, nadat die Theosophical Society al gestig was, was H.P.B. en Olcott by Sinnett in Indië. Op 'n goeie dag het hulle besluit om te gaan piekniek. Alles is reggemaak vir ses persone. Net toe hulle vertrek, kom 'n sewende daar aan en gaan saam. By die piekniek kom hulle toe 'n sewende koppie en piering kort. Iemand vra H.P.B. grappenderwys om 'n koppie en piering te laat materialiseer. Sy het 'n rukkie met een van die Groot Wit Broederskap (hieroor later) gekonfereer en toe gesê dat hulle op 'n bepaalde plek moes grawe. 'n Koppie en piering, identies met die ses wat saamgebring is, is gevind. Dit het so 'n indruk op die sewende persoon

gemaak dat hy dadelik besluit om by die Teosowevereniging aan te sluit. Hulle besluit om hom net daar en dan in te lyf. Daarvoor het hulle egter 'n sertifikaat nodig. Na 'n rukkie se konsentrasie het H. P. B. ook die sertifikaat laat materialiseer. — Daar word vertel van verskillende gevalle waar H.P.B. op 'n plek aan iemand verskyn het terwyl sy myle daarvandaan is.

Sommige dinge wat sy gedoen het, herinner sterk aan wonders wat ons in die Nuwe Testament lees. So het H.P.B. op dieselfde piekniek 'n aantal waterflesse vol water laat word. En Olcott het duisende mense genees van allerhande siektes, baie van hulle net deurdat hulle „die soom van sy kleed" aangeraak het. Hoewel ek nêrens beweringe kon raakloop om te bewys wat ek hier sê nie, kry 'n mens onwillekeurig die indruk en lê dit ook in die wese van die teosofiese stelsel dat baie van hierdie wonders waarvan vertel word, juis bedoel is om van dieselfde aard as dié in die Nuwe Testament te wees.

Een groep wonders is besonder belangrik en moet nader beskou word: H.P.B. het dikwels sigarette gebruik om wonders mee te doen. Sy het byvoorbeeld eenkeer 'n sigaret gemerk deur 'n hoekie van die papier af te skeur, die hoekie aan 'n vriendin gegee wat op pad was na 'n ander persoon en toe die sigaret laat verdywn om weer by die ander persoon te materialiseer; toe die vriendin daar aankom, het sy die sigaret daar gevind en haar hoekie het presies op die uitgeskeurde plekkie gepas. Hierdie sigaret-wonders het Sinnett op die gedagte gebring om aan H.P.B. die voorstel te doen om briewe aan die Mahatmas op hierdie manier te stuur. Dit het sy gedoen en daarmee begin 'n wonderkorrespondensie met Mahatma Koot Hoomi Lal Singh (afgekort tot K.H. deur die Teosowe). Briewe van H.P.B. aan K.H. verdywn en verskyn met die antwoord; K.H. voeg allerhande dinge in briewe en telegramme wat gestuur word. Later brei K.H. sy korrespondensie uit deur ook briewe aan 'n hele aantal persone, die meeste egter aan Sinnett, te laat materialiseer. Dikwels het die briewe eenvoudig voor Sinnett uit die lug geval; of hy ontdek hulle in sy toegesluite lessenaarlaai; of hy skryf 'n brief aan K.H. en kry laasgenoemde se antwoord binne sy brief sonder dat die seël van die brief gebreek is; en so meer. Hierdie briewe het Sinnett later gepubliseer [3]) en dit vorm vir die grootste gedeelte die „openbaring" waarop die hele Teosofie gebou is. Hieroor later meer.

Hierdie wonderdoenery het vir H.P.B. 'n hele reputasie opgebou. Sy loods egter die Theosophical Society vanuit die kring van die Spiritisme. Sy het gereken dat sy hier haar grootste aanhang sou kry en het selfs verklaar dat die Groot Wit Broederskap Spiritisme in Amerika geloods het as voorbereiding vir die Teosofie. Sy begin daarom in die Spiritisme

3) *Mahatma Letters to A. P. Sinnett,* New York, 1924.

en breek later daarvan weg om haar eie koers in te slaan. Waar die Spiritisme beweer dat hulle in aanraking met die geeste van afgestorwenes kom, beweer H.P.B. later dat hulle wel werklik met geeste in aanraking kom, maar nie met die geeste van afgestorwenes nie maar met natuur- en aardgeeste, wat selfs bose geeste kan wees en waarvan die heelal vol is. Hierdie verskil met die Spiritiste maak laasgenoemdes haar grootste vy-ande en in die stryd wat ontbrand, word H.P.B. gedwing om haar eie leerstellinge te ontwikkel.

Die 7de September 1875 word die Theosophical Society deur 'n groepie persone in H.P.B. se woning in New York gestig. Die leiers van die stigting was H.P.B. self en Kol. Olcott. Een van die stigters-lede was W. Q. Judge. Die ander stigterslede het gou weer verdwyn. Die vereniging is aanvanklik gestig met die doel om okkulte studie te bevorder. Olcott tree op die voorgrond as die organiseerder, H.P.B. as die leermeester, terwyl Judge so 'n middeposisie inneem. Van die studie kom egter niks; Olcott en Judge is besig met hulle daaglikse arbeid en H.P.B. met die skryf van Isis Unveiled, haar eerste groot werk. Die Society loop so dood dat hulle teen 1878 mislukte pogings aangewend het om by verskillende ander organisasies aan te sluit, o.a. die Vrymesselaars.

In 1877 verskyn Isis Unveiled in twee dele. Dit is 'n baie om-vangryke werk en 'n poging om die hele esoteriese (geheim) leer soos dit deur die eeue heen oor die hele wêreld bestaan het, te rekapituleer en te laat herlewe. In verband met die skrywe van die werk (wat drie jaar geneem het) word ook weer baie wonders vertel .H.P.B. doen duisende aanhalings in die werk, met presies opgawe waar haar aanhalings vandaan kom, sonder (so vertel die Tesowe) dat sy ooit die plekke opgesoek en en meesal nooit eers die boeke gelees het nie. Ver-skillende persone, o.a. die middeleeuse Paracelsus, het ook aan haar ver-skyn om haar te help. Dit is duidelik dat die idee hieragter is om die indruk te skep dat die werk berus op inspirasie en daarom aanspraak kan maak op 'n gesag wat meer is as net H.P.B. self. W. Emmette Coleman, 'n vroeëre Teosoof wat vervreem geraak het, het egter jare spandeer aan die kontrolering van H.P.B. se gegewens en publiseer sy resultate in 1893 :

„**In Isis Unveiled,** published in 1877, I discovered some 2,000 pas-sages copied from other books without proper credit. By careful analysis I found that in compiling **Isis** about 100 books were used. About 1,400 books are quoted from and referred to in this work; but, from the 100 books which its author possessed, she copied everything in **Isis** taken from and relating to the other 1,300. There are in **Isis** about 2,100 quotations from and references to books that were copied, at second-hand, from books other than the originals; and of this number only about 140

are credited to the books from which Madame Blavatsky copied them at second-hand. The others are quoted in such a manner as to lead the reader to think that Madame Blavatsky had read and utilized the original works, and quoted from them at first-hand — the truth being that these originals had evidently never been read by Madame Blavatsky. By this means many readers of Isis . . . . have been misled into thinking Madame Blavatsky an enormous reader, possessed of vast erudition; while the fact is her reading was very limited, and her ignorance was profound in all branches of knowledge". [4]).

Terwille van ons beperkte ruimte kan ons die inhoud van hierdie werk nie apart bespreek nie. Hieronder behandel ons die leerstellinge van die Teosowe sistematies; H.P.B. se leerstellings is die fondament waarop alles gebou is en daarom kom sy vanself ook onder skoot.

In 1878 gaan H.P.B. en Olcott na Indië om by die bron van hulle leer te gaan drink, terwyl Judge intussen die leier in Amerika is. Die aanvanklike pogings om hulle Society hier te loods misluk en in die stryd formuleer hulle hulle leerstellings al verder. Hier kom die gedagte van die universele broederskap sterk op die voorgrond en die wonderdoenery, wat die aanvanklike stukrag agter die beweging was, begin heeltemal op die agtergrond raak. Na die aanvanklike mislukkings begin hulle egter sukses behaal, Teosofie sprei vinnig en Olcott stig loges oor die hele land. Hoewel Teosofie in Amerika begin het, is dit eers in Indië werklik gepropageer. Baie gou na die stigting in Amerika het dit na Engeland gesprei, maar tog is Teosofie sowel in Amerika as in die res van die wêreld maar eers werklik vanuit Indië opgebou.

Teen 1884 was Teosofie in die meeste lande van die Ou en Nuwe Wêreld bekend en is Theosophical Societies oral gestig. In hierdie jaar tref 'n slag hulle egter wat op nerf na die dood van Teosofie beteken het.

'n Rukkie voor 1884 is in Engeland die Society for Psychical Research (afgekort S.P.R.) gestig om wetenskaplike ondersoek in te stel na die spiritistiese verskynsels wat in hierdie tyd 'n hoogtepunt bereik het. Teen 1884 het die S.P.R. gegeld as die hoogste gesaghebbende liggaam op hierdie gebied. Drie van die oorspronklike stigters, wat in 1884 nog lid was, was Teosowe naamlik Prof. F. W. H. Myers, W. Stainton Moses (wat veral in spiritistiese kringe vir hom naam gemaak het) en C. C. Massey. Die publikasies van Sinnett en H.P.B. het hulle aandag getrek, asook al die gerugte in verband met H.P.B. se wonders. In 1884 is H.P.B., Olcott en Mohina M. Chatterij ('n toegewyde volgeling van H.P.B.) op 'n uitgebreide lesingtoer in Europa. Die S.P.R. versoek hulle

---

4) Byvoegsel by V. S. Solovyoff, *A Modern Priestess of Isis*, London, 1895, aangehaal deur Kühn, bls. 126.

toe om te kom vir 'n ondersoek. Na 'n baie deeglike ondersoek kom hulle tot die gevolgtrekking dat H.P.B. se wonders op bedrog berus; Olcott en Chatterij is hiervan onskuldig verklaar. Aangesien hulle egter oortuig was dat H.P.B. hulp van ander mense in haar bedrog moes gehad het, stuur hulle een van hulle jong lede met 'n baie goeie opleiding, Richard Hodgson, na Indië om ter plaatse ondersoek in te stel.

Van die mense in Indië wat die naaste aan H. P. B. beweeg het, was 'n sekere Madame Coulomb en haar man. H.P.B. het in 1871 met die Coulombs bevriend geraak toe hulle almal saam in 'n skipbreuk betrokke was. H.P.B. was toe in finansiële moeilikhede en Madame Coulomb het haar gehelp. In 1879 tref H.P.B. die Coulombs in Indië aan; laasgenoemdes was nou weer in die moeilikheid en H.P.B. stel Madame Coulomb aan as die huishoudster van die klein Teosowe-kolonie en haar man as algemene hulp en werksman. Die Coulombs was egter moeilike mense en veral na H.P.B. en Olcott se vertrek na Europa in 1884 het hulle allerhande rusies met die res van die Teosowe. In 1884 word die Coulombs ontslaan. Uit wraak en omdat sy goed betaal is (volgens die Teosowe) oorhandig Madame Coulomb 'n aantal briewe aan Christensendelinge in Madras (waar die hoofkwartier van die Teosowe was); hierdie briewe is deur H.P.B. aan Madame Coulomb geskrywe en bevat bewyse van samewerking tussen H.P.B. en Madame Coulomb om bedrog te pleeg met die sogenaamde wonders van H.P.B. Madame Coulomb moes H.P.B. op bepaalde maniere help om die wonders te bewerkstellig. Die briewe is deur die sendelinge in die **Christian College Magazine** gepubliseer. H.P.B. was in die tyd nog in Europa maar keer nou haastig na Indië terug. Haar enigste verdediging teen die briewe was dat dit vervalsings was. Sy wou 'n lastersaak teen die Coulombs aanhangig maak, maar baie van haar ondersteuners het haar verlaat en die ander het haar dit afgeraai, met die gevolg dat van die lasteraksie niks gekom het nie.

In 1885 tref die hardste slag vir H.P.B., naamlik die publikasie van die rapport van Hodgson. Hodgson het baie getuies van H.P.B. se wonders ondervra en tot die konklusie gekom dat bedrog nie uitgesluit kan word nie. Die grootste slag was egter Hodgson se ontdekking van 'n geheime paneel in H.P.B. se kamer en die verklaring van mnr. Colomb dat hy H.P.B. gehelp het om met gebruik van hierdie paneel die Mahatmabriewe te laat „verskyn" en H.P.B. se briewe te laat „verdwyn". Hierdie briewe het die grondslag van die Teosofie gevorm en daarom wankel die hele Teosofie saam met H.P.B. se reputasie. Die enigste verdediging wat die Teosowe teen Hodgson se rapport kon bring, was dat Coulomb wraak op H.P.B. wou neem en daarom gedurende haar afwesigheid die geheime paneel ingebou het; sy verklaring dat hy met die briewe gehelp het, sou alles leuens wees. Die motief agter haar bedrog was moeilik aan te gee; Hodgson gee as sy opinie dat H.P.B. opgetree het as Russiese

agent en spioen in Indië en dat daar aktiviteit in die Teosofie hiermee in verband staan. Hierdie aanklag is deur verskillende ander mense herhaal.

Deur hierdie dinge het die oorgrote meerderheid Teosowe die Teosofie laat vaar en net 'n klein groepie getroues het oorgebly. In Amerika was Judge een van die getroues. Hulle het egter volhard, van voor af weer begin en binne enkele jare het die Teosofie weer baie aanhangers gehad.

In hierdie jare is die Teosofie georganiseer in die verskillende lande as „The American Section of the Theosophical Society", „The English Section" en so meer. Intern was dit georganiseer in 'n hierargie: aangesien die hele beweging berus op die sogenaamde Mahatmas, het laasgenoemde heel bo-aan gestaan. Onmiddellik onder hulle in rang is hulle persoonlike leerlinge of chelas (b.v. Madame Blavatsky) en laaste kom die gewone Teosoof. In hierdie tyd is ook 'n aparte afdeling, naamlik die esoteriese groep, gestig; aangesien hulle die yogi-leefwyse vir die egte chela voorskrywe en dit vir die gewone westerling feitlik 'n onbegonne taak is, was die gedagte dat dié wat werklik in die leerlingskap opgang wil maak, by die geheime seksie kan aansluit. H.P.B. en Jugde was die hoofde van die esoteriese groep en Olcott was die hoof van die gewone organisasie.

In 1887 verskyn H.P.B. se **The Secret Doctrine**, net so'n omvattende werk as **Isis Unveiled,** maar hierdie keer heeltemaal sistematies-leerstellig uitgewerk. Dieselfde bogtery as wat in verband met die skrywe van **Isis Unveiled** vertel word, word hier weer herhaal. The **Secret Doctrine** is die hoofwerk en die grondslag van die hele Teosofie, hoewel dit deesdae selde gelees word, aangesien dit moeilik is. Teosowe lees meesal samevattings of kommentare daaroor.

Rondom die negentiger jare het weer aanvalle op H.P.B. losgebars, van dieselfde aard as wat ons hierbo behandel het. Dit bring geen nuwe aspekte na vore nie en daarom behandel ons dit nie hier nie.

Binne die vereniging in Amerika het 'n stryd losgebreek deurdat Olcott baie koel teenoor die esoteriese groep gestaan het. Hy en sy aanhangers wou die hele Mahatma-grondslag afskaf omdat hulle gevoel het hoe geklik dit vir 'n intelligente mens moes voorkom. Hulle wou van Teosofie liewer 'n antroposofie en humanisme maak, wat in sy eie reg as filosofiese en wtenskaplike leerstelling kan bestaan. Dit is die rigting wat Rudolph Steiner in Duitsland met die Teosofie ingeslaan het. H.P.B. en Judge was egter onwrikbaar aan die Mahatmas gebonde. Solank H.P.B. geleef het, het dit egter nie op 'n skeuring uitgeloop nie.

In 1888 sluit mev. Annie Besant, een van die mees uitstaande Engelse

dames van die tyd, by die Teosofie aan. Sy was 'n politieke en sosiale leidster, intelligent en hoog ontwikkel, 'n skitterende spreekster en knap skryfster, 'n natuurlike leierspersoonlikheid. Sy was gou die regterhand van H.P.B. en haar onvermoeide ywer en bekwaamheid het Teosofie die posisie gegee wat hy vandag beklee.

In 1891 is H.P.B. oorlede. In 1892 begin Olcott met die publikasie van sy **Old Diary Leaves,** een van die vernaamste werke van teosofiese kant. Dit is die geskiedenis van Teosofie soos Olcott dit sien. Hy beskryf H.P.B. hierin as 'n gewone mens met baie swakhede en eienaardighede. Dit het haar posisie meer ondermyn as enigeen van die aanvalle op haar. Olcott se vervreemding van H.P.B., soos reeds aangedui, berus op die kwessie van die Mahatmas: of hulle werklik bestaan, die egtheid van hulle briewe, en so meer. Olcott en (merkwaardig) Sinnett, die ontvanger en publiseerder van die meeste van hierdie briewe, wou die Mahatma-deel van die Teosofie uitskakel en heeltemaal exoteries word. H.P.B. en Annie Besant hou aan die Mahatmas vas. H.P.B. was eintlik die een wat altyd in kontak met die Mahatmas was, maar na haar dood verklaar Judge en Besant dat hulle ook boodskappe van die Mahatmas ontvang het en nog steeds ontvang. Solank Besant aan Judge se kant gestaan het, kon die exoteriese groep niks met Judge uitrig nie. Hulle moes daarom 'n verwydering tussen Judge en Besant bewerkstellig. Daarin slaag hulle in 1893: Besant raak in hierdie jaar heeltemaal onder die invloed van Prof. Gyanendra Nath Chakravarti, 'n Brahmaan, terwyl H.P.B. Buddhisties georiënteer was. Die Brahmane leer 'n individuele verlossing, terwyl die Buddhisme die leer van „die groot offerande" het. Dit is die leer dat die volmaaktes wat die ewige heerlikheid kon ingaan, in die poort van die saligheid geweier het om in te gaan, maar bseluit het om hulleself te wy aan die verlossing van die mensheid. Hulle vorm die Groot Wit Broederskap. Deur die persoonlike invloed Chakravarti en die botsing in leer raak Besant van Judge vervreem en in 1893 gaan sy oor na die Olcott-kamp. Sy beskuldig nou vir Judge dat hy die name en boodskappe van Mahatmas misbruik het en eis 'n ondersoek. Teosofie dwaarsoor die wêreld word nou in twee kampe verdeel. Die eerste ondersoek in 1894 loop op 'n misoes uit en dit verskerp net die stryd. Dieselfde Besant wat vantevore saam met Jugde geveg het vir die goeie reg van die Mahatmas, verklaar nou : „Any good medium may be used for precipitating messages by any of the varied entities in the occult world; and the outcome of these proceedings will be, I hope, to put an end to the craze for receiving letters and messages, **which are more likely to be sublunary or human in their origin than superhuman,** and to throw people back on the evolution of their own spiritual nature, by which alone they can be

safely guided through the mazes of the superphysical world'.' [5]).

Nadat die storm vir 'n rukkie bedaar het, word weer aanvalle op Judge geloods en dit loop uit daarop dat die Convention (algemene vergadering gehou met afgevaardigdes vanoor die hele wêreld) in 1894 in Indië Judge se bedanking eis. Judge antwoord daarop deur die Amerikaanse seksie outonoom te verklaar en homself as president te laat kies. 'n Minderheid wat nie met Judge wou saamgaan nie, het aan die Europese seksie getrou gebly en uiteindelik die totale oorhand in Amerika gekry. Dit gebeur deurdat Judge in 1896 oorlede is en die Teosofie daarna in Amerika versplinter tot 'n massa klein organisasies en groepe.

Na Judge se dood kon die ander groep hulle wy aan propaganda en hulle maak goeie vordering. Intussen het Besant Chakravarti kwytgeraak en gekoppel geraak aan C. W. Leadbeater, 'n mistiese tipe wat ook op allerlei openbarings aanspraak gemaak het, maar 'n vrugbare skrywer wat saam met Besant 'n groot aantal werke die lig laat sien het. Besant alleen het oor die tagtig werke geskrywe. Onder hulle invloed het daar ook allerlei veranderinge van H.P.B. se oorspronklike leer te voorskyn gekom. Op die hoogtepunt van sy invloed, in 1906, word dit openbaar dat Leadbeater sekere seksuele praktyke aan seuns geleer het. Besant eis sy bedanking en dit geskied, maar 'n paar maande later het sy hom weer in sy oorspronklike posisie herstel. Hierdie selfde aanklag is verskillende kere later weer teen Leadbeater herhaal.

Nog net twee punte van belang in die geskiedenis van die Teosofie moet behandel word. Die eerste is Besant se groot skema wat sy in 1909 loods. Deur die leer van die reïnkarnasie lê dit voor die hand dat 'n mens kan verwag dat die Here Jesus ook vroeër of later weer inkarneer sal word. Leadbeater het dan 'n openbaring ontvang dat die Here met sy reïnkarnasie sou verskyn as ene Jiddu Krishnamurti, destyds 'n tienjarige Brahmaan. Besant het die seun wettig aangeneem en hom toe begin eksploiteer, wat geweldige publisiteit in die wêreldpers veroorsaak het. Hy is gemaak tot hoof van die Orde van die Ster van die Ooste en 'n spesiale blad is gestig om hom te propageer, naamlik **The Herald of the Star.** Na tussen vyftien en vyf-en-twintig jaar sou die Gees van die Here dan ten volle besit van Krishnamurti se liggaam neem. In 1929, nadat die jongeling al tot man geword het, het hy moeg geword vir die rol wat Besant op hom afgedwing het en onverwags aangekondig dat die hele ding 'n klug is: hy is geen god nie en hy is ook nie van plan om uitvoering te gee aan die dinge wat van hom voorspel is nie. Sedert die dood van Olcott in 1907 was Besant die absolute hoof van die Teosofie en 'n mens sou verwag dat hierdie fiasko haar baie

---

5) Aangehaal in Kühn, bls. 315./Kursivering van my.

skade sou aandoen. Sy was egter handig genoeg om die saak so te bewerk dat dit haar nie baie skade aangedoen het nie.

Voordat ons van die Krisnamurti-geskiedenis afstap nog net dit: vanaf 1912 het Leadbeater 'n serie gepubliseer waarin hy sy clairvoyante ondersoek na die lewes van Krisnamurti uiteenset. Hy beskryf sowat veertig reïnkarnasies van die Indiër. Tegelykertyd sluit hy ook 'n beskrywing in van die vorige lewens van 'n hele aantal persone wat destyds vooraanstaande figure in die Teosofie was. Hierdie reeks dra die titel **The Lives of Alcyone.** Alcyone is die „kosmiese" naam van Krishnamurti. 'n Aantal persone wat op Adyar, by Madras (die hoofkwartier van die Teosofie tot vandag toe), gelewe het, het protesteer dat Leadbeater hulle nie ook genoem het nie. In 'n later byvoegsel beskrywe hy dan ook hulle vorige lewens. In 1925 lewer W. Loftus Hare in **The Occult Review** die bewys dat Leadbeater die materiaal vir hierdie beskrywings van hom uit artikels in 'n paar ou ensiklopedië gekry het.

Ten slotte: H.P.B. het op een punt baie sterk gestaan, naamlik die kwessie van sektevorming. Haar beskouing was dat haar leer die gemeenskaplike grondwaarheid was wat in al die godsdienste, wetenskap en filosofie opgesluit lê. Die „Theosophical Society" moes dan hierdie grondwaarheid verkondig, maar nooit self 'n godsdienstige kerk of sekte word nie, omdat hy dan weer partikularisties sou word; Teosofie sou dan maar net een van die duisende godsdienstige groepe in die wêreld wees. Gelyktydig met die „Alcyone" kampanje begin Leadbeater weer met sy gesigte wat hy sien, hierdie keer oor die vorming van 'n kerk. In Holland het hulle kennis gemaak met die Oud-Katolieke Kerk, 'n klein kerkie wat die leer voorstaan dat hulle die ware apostoliese suksessie het. Hulle leer is prakties dieselfde as die van die Rooms Katolieke Kerk, maar hulle stam nog uit die vroeë Middeleeue toe Rome nog moes stry om homself as die hoof van die kerk (waarmee die kerk dan Rooms geword het) gevestig te kry. Hulle wou Rome nie erken nie en het gemeen dat hulle die ware apostoliese volgorde voortsit. Die „Theosophical Society" het aansluiting by die Oud-Katolieke Kerk gevind en so hulle eie kerk, eers genoem„The Old Catholic Church", gevorm. Leadbeater is tot biskop georden en staan vandag nog bekend onder Teosowe as „bishop" Leadbeater. Dit is die verklaring van die sterk Roomse inslag wat ons altyd voel in die werke van byvoorbeeld Annie Besant wanneer sy oor die Christendom skrywe.

2. **Teosofie in Suid-Afrika:** [6]

Die geskiedenis van Teosofie in Suid-Afrika is besonder droë en onbelangrike leesstof. Die eerste losie in Suid-Afrika is in Johannesburg

6) Gegewens uit Phyllis Lean, *Fifty Years of Theosophy. A brief History of the Johannesburg Lodge*, 1949.

gestig en die stigtingsoktrooi dra die datum 14 April 1899 en is geteken deur Kol. H. S. Olcott. Die oktrooi is uitgemaak aan Louis L. Playford, wat Hoofmagistraat van Johannesburg was, Herbert Kitchen, 'n elektriese ingenieur en Lewis W. Ritch, 'n prokureur. Met die Tweede Vryheidsoorlog van 1899 - 1902 het die losie opgehou funksioneer en die meeste van sy lede het aan die Engelse kant in die oorlog geveg. Na die oorlog het hulle weer begin vergader. In 1909 word die losie van Johannesburg verander na die „South African Theosophical Society"; daarmee word die Suid-Afrikaanse groep 'n nuwe „National Section". Een van die belangrikste losies is die van Pretoria, gestig in 1910; dit is die enigste losie wat sy eie grond en gebou besit. Met die loop van tyd is losies in die vernaamste stede van die Unie gestig. Die eerste teosofiese tydskrif verskyn in 1903, **The South African Theosophist.** Dit is opgevolg deur 'n hele aantal wat almal tot niet gegaan het. Sedert 1935 word hulle huidige lyfblad **The Link,** gepubliseer.

Hoewel hy nooit werklik 'n lid was nie, het Mahatma Gandhi, die groot leier van Indië, 'n belangrike rol in die Johannesburg-losie gespeel. Hy was indertyd prokureur in Johannesburg. Die rede waarom hy nooit aangesluit het nie, is nie baie duidelik nie; die Society self het baie moeite gedoen om hom te laat aansluit, maar hoewel hy aan hulle aktiviteite deelgeneem het, het hy nooit lid geword nie.

Die beweging in Suid-Afrika het sy oktrooi van Olcott ontvang en daarmee onder die invloedsfeer van die Adyar-rigting, waarvan Annie Besant die leidster was, gekom. Dit is tot vandag toe so. Ek verneem in Suid-Afrika bestaan een losie van die Amerikanase rigting (waarvan G. de Purucker al baie jare die leier is), maar hiervan kon ek niks uitvind nie.

Vir ons in Suid-Afrika is een aspek van die Teosofie van belang, naamlik hulle houding ten opsigte van ons rasseprobleme. Die eerste van hulle drie vernaamste doelstellings lui: „To form a nucleus of the Universal Brotherhood of Humanity, without distinction of Race, Creed, Sex, Caste or Colour". [7]) Hierdie doelstelling spreek vir homself.

Uit die aard van die saak het die Teosofie, ook in Suid-Afrika, nie 'n groot aantal aanhangers nie. Die aanspraak van die Teosofie dat hy op wetenskaplike studie berus en die quasi-intellektuele atmosfeer, maak dit by uitstek 'n beweging vir sogenaamde intellektueles. Hoewel die oorgrote meerderheid lede niks meer as quasi-intelligentsia is nie, vind ons tog 'n hele aantal hoogontwikkelde en vooraanstaande mense onder die geledere van die Teosowe. Die invloed van die Teosofie in Suid-Africa sal daarom seker nooit uitgaan van 'n numeris belangrike groep nie, maar altyd van belangrike individue.

---

7) Phyllis Lean, bls. 1.

Die **leer van die Teosofie** is besonder pretensieus. As esoteriese leer wat nou bekend gemaak word, stel H.P.B. besonder belang in towenary en bonatuurlike verskynsels en speel dit ook 'n groot rol in haar beskouings. Om plek daarvoor te maak, asook om 'n basis vir haar beskouings i.v.m. die godsdiens te bied, was dit vir haar noodsaaklik om haar eie kosmologie uit te werk. Hierdie kosmologie sal ons kortliks moet nagaan om 'n behoorlike beeld van die godsdienstige implikasies te kry. — Waar ons die teologie behandel, sal ons ons beperk tot Annie Besant, met verwysing na 'n paar ander skrywers; ons doen dit omdat Besant die een is wat die meeste direk oor die Christendom geskrywe het (H.P.B. het die grondbeginsels opgebou en alleen in die tweede plek in die Christendom belanggestel; behalwe in details is Besant egter 'n voortbouer van die beginsels van H.P.B.); verder ook omdat Besant baie meer as H.P.B. gelees word (aangesien lg. so moeilik is) en Suid-Afrika direk onder haar invloed staan.

3. **Openbaring :**

Ons persoonlike geloof as Christene, ons kerk en die ganse Christendom is gebou op die Woord van God. Die Woord het ons ontvang omdat God in sy onpeilbare sondaarsliefde Hom oor ons ontferm het en sy wil aan ons bekend gemaak het. Hierdie wil is 'n wil tot verlossing; God wil ons verlos uit die dood van ons sonde en gee ons daarom sy openbaring sodat ons die weg tot die verlossing kan ken. God gee sy Gees aan bepaalde mense en onder die aandrywing van hierdie Gees word hierdie mense begenadig om die wil van God bekend te maak. So het die Skrif ontstaan.

Die Woord van God, die weg ten lewe, ja die waarheid en die lewe self is egter Christus (Joh. 1:1 v.v.; Joh. 14:6). Daarom is Christus die werklike openbaring van God, die Verlosser en Saligmaker, die Rots waarop die Christendom gebou is.

Die leuse van die Teosofie is: **There is no religion higher than truth.** Hierdie waarheid is nie te vinde in die een of ander godsdiens nie, ook nie in wetenskap of filosofie of wat ook al nie, maar in al hierdie dinge. Hierdie waarheid is een, groot samehangende sisteem wat die Teosowe noem „Ancient Wisdom", „Wisdom-Religion", „Ancient Doctrine", „Esoteric System", „Esoteric Tradition" en so meer. Gedeeltelik is hierdie waarheid in elke godsdiens, filosofie, natuurwetenskap of wat ook al wat werklik op waarheid aanspraak kan maak, te vinde. Die enigste wat hierdie waarheid in sy volle diepte en wydte ken, is die Teosofie. Die Teosofie onderskei daarom verskillende soorte openbaring wat egter almal net die een waarheid gedeeltelik meedeel, behalwe die besondere openbaring van die Teosofie wat die volle saligmakende waarheid het :

A. **Die algemene openbaring:**

1. G. de Purucker [8]) onderskei :

(i) „The primeval ‚Revelation', if we may use that much-abused word, delivered to primordial humanity by Beings from higher spheres, of glorious spiritual intellectual capacities and power, who inspired and taught the then youthful mankind, and who finally withdrew to their own spheres, leaving behind them the highest and best of their pupils, chosen from among selected individuals of the youthful humanity" — Hiermee verkondig hy 'n oer-openbaring wat aan die begin van die geskiedenis van die mensheid sou plaasgevind het en van geslag tot geslag oorgelewer sou geword het. Die begin van die geskiedenis van die mensheid lê miljoene jare terug (hieroor later). Die feit dat die oer-openbaring aan die begin plaasgevind het, bied 'n verklaring vir die ooreenkomste tussen die verskillende godsdienste dwarsoor die wêreld. Bepaalde Christen-teoloë het ook 'n dergelike teorie voorgestaan, byvoorbeeld die bekende Roomse Pater Schmidt. Hiervan maak die Teosofie dankbare gebruik.

(ii) „The esoteric or hidden meaning of the fundamental tenets of the great world-religions, all of which contain various aspects of the Truth about the Universe and Man, but which inner meanings are virtually unattainable unless the student have the esoteric, Theosophical key enabling him to read these esoteric tenets correctly". . . . Kommentaar hieronder.

2. Annie Besant onderskei [9]):

(i) Dieselfde as de Perucker (ii).

(ii) „The Revelation, highest, fullest, best, is the Self-unveiling of Deity in the kosmos, the unveiling of attribute after attribute, power after power, beauty after beauty, in all their various forms which in their totality compose the universe. He shows His splendour in the sun" . . . . en so voorts.

B. **Die besondere openbaring:**

1 G. de Purucker: „The Elder Brothers, Teachers, Masters, who are the particular and especial Guardians and Deliverers of this Primeval Wisdom to men, whenever the times permit a new impulse of spiritual and intellectual teaching to be given to the world" [8]).

2. Annie Besant: „The next deeper sense of the word (openbaring)

---

8) G. de Purucker, *The Esoteric Tradition,* 2 Vols., Theosophical University Press, Covina, California, Second Edition, 1940. Vol. I, bls. 34.

9) Annie Besant, *Esoteric Christianity or the Lesser Mysteries,* 4th Edition, 1946, The Theosophical Publishing House, Adyar, Madras, India. Hoofstuk XIV.

describes the mass of teaching held by the great Brotherhood of spiritual Teachers in trust for men; this teaching is embodied in books, written in symbols, and in these is contained an account of kosmic laws, of the principles on which the kosmos is founded, of the methods by which it is evolved, of all the beings that compose it, of its past, its present, its future; this is The Revelation. This is the priceless treasure which the Guardians of humanity hold in charge, and from which they select, from time to time, fragments to form the Bibles of the world". [10]).

KOMMENTAAR:

1. Ons sien hier 'n verskil wat al in die historiese oorsig uitgekom het: Besant lê veral klem op die openbaring in die natuur; de Purucker erken dit ook, veral op grond van die pantheïsme wat wesenlik van die Teosofie is. [11]). De Purucker is egter voortsetter van H.P.B. en Judge se getrouheid aan die Mahatmas en Besant, howel sy dit aanvaar, was sterker onder Olcott se exoteriese beskouings.

2. Wesenlik is egter dat hulle 'n algemene openbaring en 'n besondere openbaring onderskei. Ook die kerk aanvaar 'n algemene en besondere openbaring: Die algemene openbaring het ons deurdat ons God ken in die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld; hierdie openbaring is egter nie genoeg om ons die saligheid te laat bekom nie. Die enigste saligmakende openbaring het ons in Christus, die besondere openbaring (vgl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. II). Daar is egter 'n wesenlike verskil tussen die Christelike en die teosofiese beskouings:

(i) Vir die Teosofie behoort die Christelike openbaring tot die algemene openbaring: ons Bybel is een van die talle bybels, ons Christus een van die talle christusse wat die wêreld ontvang het van die Mahatmas; goddelike gesag het ons openbaring alleen in so verre dit op die Mahatmas teruggevoer kan word of behoort tot die esoteriese wysheid van die Teosofie.

(ii) Wat die algemene openbaring betref, is die wesenlike verskil daarin dat die Teosofie 'n pantheïsme is: die natuur is nie 'n verkondiger van God nie, maar is God self in sy uitwendige vorm; so is die mens ook deel van God en hulle praat van die „God within" en die „God without".

(iii) Wat die besondere openbaring van die Teosofie betref: Om 'n bo-menslike, goddelike gesag aan hulle beskouings te kan gee, was dit noodsaaklik om iewers 'n bron van die waarheid te vind. Hierdie bron kan nie in God gevind word, soos die verskillende godsdienste dit doen

---

10) Besant, bls. 277.
11) G. de Purucker, *Studies in Occult Philosophy,* Theosophical University Press, Covina, California, 1945, bls. 536.

nie, want dan sou 'n mens die Teosofie kon klassifiseer by die Christendom, Buddhisme of wat ook al, en die Teosofie maak juis aanspraak dat hy die grondliggende universele waarheid het. Hulle besondere openbaring ontvang hulle dan van die Mahatmas, die Groot Wit Broederskap in die Noorde van Indië, die Ouer Broers of wat hulle ook al genoem word. Hulle is nie gode nie, maar mense wat die hoogste trap van menslike evolusie bereik het, volle kennis van die mens en die kosmos besit, al die geheime van die lewe en die ewigheid ken. Hulle was gereed om die saligheid binne te gaan, maar het die groot opoffering gedoen om in kontak met die mensheid te bly om sodoende die mensdom die pad na die saligheid aan te toon. Hulle is gewone mense wat egter so ver ontwikkel het dat hulle die volle Christus-status bereik het. Hulle vorm 'n geheime broederskap (wat onsterflik is) in die Noorde van Indië en Tibet. Hierdie broederskap, op twee na, was daarop teen dat die geheime, saligmakende kennis aan die mensdom geopenbaar moes word, aangesien hulle gemeen het dat die mensdom nog nie ryp daarvoor was nie. Die twee wat ten gunste daarvan was, is Koot Hoomi Lal Singh en Morya (deur Teosowe afgekort as K.H. en M.). Laasgenoemde twee het die volle verantwoordelikheid vir die openbaring op hulle geneem. H.P.B. is hulle uitverkore werktuig („vehicle") om die openbaring aan die mensdom te bring, net soos Christus eenmaal die openbaring moes bring. Die wyse waarop K.H. en M. met hulle uitverkorenes in aanraking kom, lewer geen probleem nie: aangesien hulle die natuurwette volkome beheers, kan ruimte en tyd vir hulle geen moeilikheid oplewer nie en hulleself of hulle boodskappe (b.v. briewe) kan verskyn net waar en wanneer hulle wil.

De Purucker som wat hier gesê is, soos volg op : „To put it briefly: there has existed in the world for almost innumerable ages, a completely coherent and fully comprehensive system of religious philosophy, or of philosophical, scientific religion, which from time to time has been given out to man when the world needed a fuller revealing of spiritual truth than it then at such a time had. Further, this wonderful system has been for all those past ages in the safe guardianship of the relatively perfected men mentioned above; and, still further the present Theosophical Movement is, in our age, one of such fuller revelations or renewals of that wonderful system, because the conditions in the world warranted its appearance in our age; and H.P. Blavatsky was the Messenger who brought this new revealing of the age-old Truth to the world from the secret Brotherhood of these Masters or Guardians or Elder Brothers, who are likewise commonly called by the Sanskrit word Mahâtmans, signifying Great Selves or Great Souls. This likewise means that every one of the great world-religions and every one of the great world-philosophies of antiquity issued originally from this Brotherhood of Sages or Guardians,

and that all such religions and philosophies in consequence, have, each one at is core, the Theosophical System of thought . . . ." [12]).

Hierop kan die Christen alleen antwoord : God behoed my dat ek my sal uitlewer aan 'n denkbeeldige span in Tibet ! Die Teosofie maak aanspraak daarop dat dit 'n wetenskaplike sisteem is; uit bostaande is egter duidelik dat hulle net so goed op openbaring en geloof in daardie openbaring berus as enige ander godsdiens. Die enigste wat 'n mens dronkslaan, is dat 'n ontwikkelde mens hom kan ophou (ten minste, in erns) met hierdie Mahatma-verhaaltjie. Die enigste verklaring daarvoor is waarskynlik te vinde in die aard van die mense wat hieraan glo: mense met 'n quasi-intellektuele belangstelling wat die kerk en godsdiens heeltemaal kwyt geraak het, maar nogtans 'n gebrek in hulle lewens voel en dan met hierdie soort ding deurmekaar raak. Die Teosofie is ook iets wat 'n sekere soort mens wat tipies van die afgelope eeu of twee is, goed sal pas: die geestesontwikkeling vanaf die Renaissance het o.a. gegaan in die rigting van 'n gemoedelike verdraagsaamheid en die relativering van alle geestelike dinge; dit wil sê : Ons Westerse godsdiens is nou wel die Christendom, maar daar is ook ander godsdienste wat ook waar en reg is; elkeen het sy eie opinie en elkeen het 'n deel van die waarheid en almal is goed; die een is net miskien 'n bietjie beter as die ander. Dit is spesifiek op hierdie beskouing wat die Teosofie baie sterk bou.

Noudat ons die bron en die gesag waarop die Tesofie hom beroep, bespreek het, kan ons die leerstellings van die Teosofie en die Christelike geloof met mekaar vergelyk.

### 4. **Kosmologie:**

Die beste manier waarop ons die grondslag waarop die Teosofie gebou is, kan skets, is om 'n kort samevatting van die hoofpunte van H.P.B. se **The Secret Doctrine** te gee.

Die hele werk is (volgens H.P.B.) net 'n kommentaar op „The Stanzas of Dzyan", wat 'n fragment van die Tibetaanse heilige geskrifte sou wees. Laasgenoemde is die fundamentele, antieke openbaring waarop alle waarheid gebou is. H.P,B. sou geleentheid gehad het om hierdie Stanzas te memoriseer terwyl sy in Tibet was.

Aangesien dit die grondslag van alle waarheid is, moet ons dan verwag om in haar stelsel keer op keer dinge teen te kom wat ons uit die geskiedenis ken. My persoonlike opinie is dat H.P.B. se hele sisteem 'n geniale sameflansing is van dinge wat vantevore reeds bestaan het om so 'n sisteem te vorm. Hieronder sal ons vir die leser wat verder

---

12) G. de Purucker, *Esoteric Tradition,* Vol. I, bls. 33 vlg.

belangstel, hier en daar net die naam in hakies sit waar ons die element wat H.P.B. in haar werk opneem, in sy oorsprong kan terugvind.

Die drie grondprinsipes van „**The Secret Doctrine**" formuleer H.P.B. so :

1. Die Alomteenwoordige, Ewige, Onbegrensde en Onveranderlike Prinsipe, die Een Absolute Realiteit, Oneindige Oorsaak, die Onkenbare, die Onbewoë Beweger (vgl. Aristoteles) en Wortelose Wortel van alle dinge — Suiwere Is. Oor hierdie oorspronklike wese is alle spekulasie en denke onmoontlik; dit lê buite ons begripsvermoë. Uit hierdie oorsprong spruit die basiese teenstellings (vgl. pre-Sokratici) van Gees en Stof, Subjek en Objek. Die spanning tussen die teenstellings maak manifestasie moontlik. Die krag waardeur alles geskied in die heelal, is Fohat, waardeur alle vorming en verandering kan geskied (vgl. pre-Sokratici).

2. Uit hierdie primêre wese kom die Groot Asem; die uitaseming bring nuwe lewe en vorming, die inaseming laat alle vorme weer disintegreer. Daarmee kry ons 'n periodisiteit in die heelal, 'n kom en gaan van heelalle, van menshede, van alles wat bestaan tot in die kleinste besonderheid.

Die derde prinsipie is die van die identiteit en fundamentele eenheid van alle siele met die universele „Over-Soul". Die individuele siel is 'n mikrokosmos, 'n spieël waarin die groot makrokosmos weerkaats word. Niks is egter vernietigbaar nie; „vernietiging" ten opsigte van stof beteken net dat vorm vormloos word en ten opsigte van die siel beteken dit dat die siel uit sy een neerdaling in die stof terugtrek om na 'n verposing weer in die stof neer te daal en so steeds verder te ontwikkel. Dit is die fundamentele wette van reïnkarnasie en karma (wet, noodlot). Die bewussyn van die siel is die selfbewussyn van die Over-Soul in die geïndividualiseerde siel (te vinde by alle pantheïste en mistici; in die filosofie veral by Hegel). Die neerdaling van die siel in die stof en sy latere opstyging geskied elke keer deur sewe stadia. Wanneer die Oorspronklike Lewe (hierbo prinsipe 1) emaneer, geskied dit ook trapsgewyse; van die eerste wat uit Oorspronklike Lewe voorvloei ,is al die verskillende Gode, Geeste, Logoi (Logos beteken woord; dit is in Joh. 1 'n benaming vir Christus, Elohim (letterlik „gode"; een van die name van God in die Ou Testament), Demiurge, Jehovas (die naam van God in die Ou Testament), ens. en hierdie Intelligente Kragte is die vormeerders weer van die verder gedifferensieerde lewensvorme.

Die kosmogonie, waarmee 'n anthropogonie natuurlik gepaard gaan, kan ons so saamvat: In die begin is die oorspronklike wese wat volkome onbeskryflik is en daarom die DIT genoem word. Die oorspronklike toestand is ook onbeskryflik en alleen negatief uit te druk as tydloos,

bewussynsloos, pynloos, ens. Al wat is, is die vormlose, predikaatlose DIT in volkome Duisternis.

Die eerste emanasie is 'n straal wat die Kosmiese Eier bevrug en oopbreek. Dan verskyn die Duisternis as die Vader, die oersubstansie as die Moeder en die produk van die twee, die heelal, as die Seun. Saam met Fohat, die Goddelike Krag, vorm hierdie Drie-Eenheid 'n Vier-Eenheid. Dit is die esoteriese betekenis van die Chrisetlike Drie-Eenheidsleer. Die heelal as die Seun wat uit die maagdelike (d.w.s. onproduktiewe) oersubstansie as die Moeder voortkom, gee ons die esoteriese betekenis van die leer van die maagdelike ontvangenis van Christus.

Vir die heelal wat voortkom, geld as beginsel „that there is but One Universal Element, infinite, unborn and undying, and that all the rest — as in the world of phenomena — are but so many various, differentiated aspects and transformations of that One, from Cosmical down to microcosmical effects, from superhuman down to human and sub-human beings, the totality in short of objective existence". (**Secret Doctrine, I,** bls. 75). Daarom kan H.P.B. praat van „a universally diffused, omnipresent, eternal Deity in Nature" (I, bls. 83). Hieruit blyk die pantheïsme baie duidelik.

Die Vader en Moeder bring hulle Seuns voort, naamlik die Sewe Strale, uit wie alles verder voortvloei. Omdat die Seuns sewe is, bestaan alle dinge en verloop alle basiese prosesse sewevoudig. Hierdie Seuns differensieer die elemente waaruit alle materie opgebou is en roep uit hierdie elemente die kosmos tevoorskyn. Hulle doen dit deur die fisiese kragte waarvan ons sommige soos lig, hitte, ens. ken. Hierdie kragte is almal vorms van Fohat, die Kosmiese Vuur of Goddelike Elektrisiteit (vgl. Herakleitos) wat aan ons as elektrisiteit bekend is. Die vorms van die dinge wat die Seuns laat ontstaan, is in ooreenstemming met die geometriese oer-idees wat sluimer in die Dit, sodat alles 'n nabootsing van daardie goddelike oer-idees is (vgl. Pythagoras en Plato). Fohat, die krag waardeur die Seuns alles verrig, is in sigself 'n mikrokosmos (vgl. Leibniz se monade); in 'n hoër vorm is dit die geobjektiveerde gedagte van die gode, die Woord wat vlees geword het en waarsonder niks ontstaan het wat ontstaan het nie (dit is die esoteriese betekenis van die betrokke passaat uit Joh. 1).

Net soos daar sewe heelalle is, het ons aarde en die heelal waaraan hy behoort, sewe bestane. Elke bestaan van ons aarde word agtereenvolgens deur sewe lewensgolwe getref en elke lewensgolf roep sewe Wortelrasse te voorskyn wat elkeen weer sewe subrasse het. Ons behoort tot die vierde Oer- of Wortelras (die Ariese) en daarvan die vyfde subras, wat hoofsaaklik uit die Angelsaksers bestaan.

Die aarde het sewe materiële vorme (elemente, die anorganiese, plante, diere, mense, geeste en gode) wat sewe korresponderende geestelike vorms. het. So bestaan die individuele mens uit stof en gees, wat elkeen ook sewe vorms het wat by die growwe begin en by die heel fynste ophou.

Die sewe opeenvolgende bestane het 'n neerdaling en opstyging: dit is die neerdaling van die gees in steeds growwer wordende materiële vorme, tot by die vierde bestaan waar die gety weer begin terugkeer en die volgende bestane steeds meer geestelik word. Ons is nou net 'n bietjie meer as halfpad, d.w.s. bietjie verby die helfte van die vierde bestaan en dus net verby ons materieelste vorm en nou vir ons volgende bestane op pad na die geesteliker vorms. Hierdie neerdaling van die gees in stoflike vorms en die terugkeer na die geestelike, is die kruisiging van die gees, sy dood en sy opstanding. Dit is die esoteriese betekenis van die kruisdood en opstanding van Christus.

Tot die antropogonie behoort ook die leer van die sondeval van die mens en elke kosmologie moet ook rekenskap gee van die bestaan van die bose. Dit is vir die pantheïsme altyd 'n lastige probleem, want God is die „universally diffused, omnipresent Deity", dus in alles wat ontstaan, ja God is eintlik alles, en God is die Algoeie. Hoe kan die bose dan bestaan? Die enigste uitweg is om te ontken dat die bose bestaan. Dit vind ons dan ook by H.P.B.: bogenoemde argument as die esoteriese leer van die kruisiging en opstanding is verder ook die esoteriese betekenis van die sondeval. Die individualisasie van die gees in materiële vorme beteken dat die gees gebind word aan die grofheid van die stof en dit is eintlik die sondeval. Die bestaan in die materiële vorme is 'n onvolmaakte bestaan wat geleidelik tot die volmaakte moet evolueer en daarom is daar 'n pynlike skaduweekant aan die materiële bestaan. Egter is hierdie onvolmaakte bestaan nie minder God nie. Die bose, Satans, demone en so meer wat ons in die verskillende godsdienste aantref, is vorms waarin hierdie onvolmaakte voorgestel word en is daarom 'n bepaalde kant van God wat so genoem word. „When the Church, therefore, curses Satan, it curses the cosmic reflection of God; it anathematizes God made manifest in matter or in the objective; it maledicts God, or the ever incomprehensible Wisdom, revealing itself as Light and Shadow, good and evil in nature in the only manner comprehensible to the limited intellect of man" (**Secret Doctrine,** II, bls. 235). „Satan, once he ceased to be viewed in the superstitions dogmatic unphilosophical spirit of the Churches, grows into the grandiose image of one who made of terrestrial a divine Man; who gave him . . . . the law of the Spirit of Life and made him free from the sin of ignorance, hence of death" (**Secret Doctrine,** I, bls. 198), „Deus est Demon inversus" en dit is net ons beperkte verstand en die bygeloof van die kerke wat maak dat ons nie kan sien dat God

en Satan een is nie en dat ons per slot van rekening ons verlossing uit onkunde en daarom uit die dood aan Satan te danke het nie.

Uit bostaande kan twee fundamentele begrippe van die Teosofie nou verstaan word, naamlik reïnkarnasie en karma: die grondwet van alle bestaan is **evolusie;** alles vloei uit die DIT en net so is die bestemming van alles om weer terug te keer in die DIT. Met die voortvloei uit die DIT gaan die beweging egter in die rigting van materialisasie en dus onvolmaaktheid en moet hiervandaan weer die weg van vervolmaking gaan tot by die volmaakte DIT. Die voltooiing van die siklus beteken egter die volle selfbewuswording van die diepste Realiteit (vgl. Hegel) en daarom staan die voltooiing van die siklus in hierdie sin op 'n hoër vlak. Alles wat bestaan, van die heelal tot die anorganiese stof, gaan hierdie evolusie deur, dus ook die mens. Dit is egter 'n universele wet dat alles wat bestaan en ontstaan, ook weer vergaan. As hierdie vergaan 'n volkome einde is, beteken dit dat die evolusie nooit voltooi kan word nie en dit sou die bestaan sinloos en sonder plan of betekenis maak. Daarom is dit noodsaaklik dat daar meer as een bestaan vir alles sou wees, elke bestaan hoër as die vorige. Dit geld vir alles, dus ook die mens. Die mens het daarom nie net een lewe nie maar 'n hele aantal lewens. Wanneer 'n mens sterwe, trek die geestelike deel terug in die onverganklike sfere van die gees; daar is hy nie in die hemel of Devachan (soos die Teosowe graag praat) nie, want dit is die uiteindelik heerlikheid, maar hy gaan 'n rusperiode deur voordat hy weer terugkom na die aarde toe in die gestalte van 'n ander mens. Dit is reïnkarnasie. Die siel begin egter nie elke nuwe bestaan van voor af aan nie, maar het 'n bepaalde **karma,** beste te vertaal met wet, lewenswet, lewenslas en noodlot. Die wet van oorsaak en gevolg geld universeel, ook vir die mens. Alles wat ons doen, goed of sleg, het gevolge. Die goeie se gevolge is om ons hoër op die baan van evolusie te bring; die slegte word 'n deel van ons karma en die gevolge van elke slegte daad moet ons teen een of ander tyd dra. Die wyse waarop ons gereïnkarneer word, word bepaal deur ons karma: aan die een kant word ons posisie hier bepaal deur die peil wat ons vroeër bereik het; en aan die ander kant word dit bepaal deur die bepaalde karma wat ons moet afwerk. Elke stryd, lyding of smart wat ons deel hier op aarde is, is betaling wat ons bring vir skuld wat nog op ons rus en werk dus in die rigting van ons volkome vrymaking van alle karma, wanneer ons in die volmaakte Devachan sal verkeer. Eers wanneer ons reïnkarnasie aanvaar, kry ons menslike lewe sin en betekenis; daarsonder sou ons 'n sinlose lewetjie van lyding hier op aarde moet verduur en geen toekoms hê nie. Ons onthou nie ons vorige bestane nie alleen omdat ons nie genoeg ontwikkel is nie; as ons onsself ontwikkel om bewus te beweeg in die fyner sfere van ons bestaan, sal ons dit wel onthou, soos alle ontwikkelde Teosowe dit dan sou kan onthou.( vgl.

oorleweringe aangaande Pythagoras).

Dit is die agtergrond van kosmologie en anthropologie waarteen ons die een besondere aspek van die Teosofie, naamlik hulle leer in verband met die Christelike leerstellings, moet beskou. Dit is hiervandaan ons taak. Hierdie taak kan ons die beste uitvoer deur die werk wat o.i. die belangrikste is, Annie Besant se **Esoteric Christianity,** op die spoor te volg, daarvan 'n samevatting te maak en te kritiseer. Voordat ons daartoe oorgaan, moet ons nog enkele opmerkings op bostaande maak.

**KOMMENTAAR.**

1. Oor die bostaande esoteriese leer in verband met die Drieëenheid, die maagdelike ontvangenis en so meer hoef ons net dit te sê: ons weet van hierdie dinge alleen op grond van die Skrif; buite die Skrif om weet ons niks daarvan nie. Die Skrif se getuienis in hierdie verband verskil egter net so ver van H.P.B. se leerstellinge soos die hemel van die aarde. Iedereen kan dit maar self nalees, byvoorbeld in Luk. 1:26-38; Joh. 1: 1-14; I Joh. 5:7 en so meer.

2. Wat H.P.B. se leer in verband met die ontstaan van die heelal betref, is dit heel interessant, maar minder oorspronklik as die verband wat sy tussen Christus en elektrisiteit lê. Haar teorie is 'n menslike ontwerp, een van die honderde wat sedert die skemering van wetenskaplike nadenke al ontwerp is. Dit is onoorspronklik daarin dat die emanasiebeskouing die gewone panteïstiese plaasvervanger vir die skeppingsleer is. Hierteenoor staan die eerste hoofstukke van Gnesis, eenvoudig en sonder tierlanytjies, maar so groots dat die menslike verstand stilstaan. God is die ewige, die almagtige en algoeie; oor Hom word niks gesê nie; Hy is eenvoudig daar en skep die heelal deur sy Woord, groots en majesteeus (Gen. 1 : 1; Joh. 1 : 3).

Die kwessie van sonde moet ons saam met reïnkarnasie en karma bespreek Die Skrif leer ons dat God die mens goed en na sy ewebeeld geskape het (Gen. 1), dit is in ware geregtigheid en heiligheid. Adam en Eva het egter in sonde geval, waardeur die ganse mensegeslag bedorwe geraak het, sodat ons almal in sonde ontvang en gebore word en van nature geneig is om God en ons naaste te haat (Gen. 3; 5:3; Ps. 51:7; Rom. 5:12, 18, 19; 3:10, 20, 23; 8:7; 7:23; Ef. 2:3; ens.). Oor hierdie sonde toorn God met 'n verskriklike toorn en straf dit met 'n tydelike en ewige straf (Gen. 2:17; Ex. 20:5; 34:7; Deut. 27:26; Ps. 5:6; 1, 21; Rom. 1:18; 2; 5:12; Gal. 3:10). Deur die sonde kom die dood en hierdie dood is radikaal en finaal; die mens het een beurt en daarmee is dit vir goed verby (Job 14). Maar God is ook barmhartig; daarom skenk Hy ons sy Seun, Jesus Christus, deur wie ons die ewige lewe beërwe. Maar Christus is die enigste Middelaar;

buite Christus is daar geen lewe nie (Hand. 4:12; Joh. 15:4, 5; I Tim. 2:5; I Joh. 5:11). Alle mense word ook nie deur die offerande van Christus salig nie, maar alleen die wat Hom in 'n opregte geloof aanvaar (Mat. 7:14; 22:14; Mark. 16:16; Joh. 1:12; 3:16, 18, 36; Rom. 3.22; 11:20; ens.).

Omdat die sonde en die dood fundamentele feite van ons menslike lewe is, is die verkondiging van Christus 'n evangelie, dit wil sê 'n blye boodskap. Maar H.P.B. erg haar aan hierdie evangelie. Die bose is vir haar nie werklik nie, inteendeel Satan is maar die ander kant van God. Die mens is in sy wese ook nie sondig nie, maar goddelik, hoewel nog onvolmaak in sy huidige stadium van ontwikkeling. Daarom het die mens geen verlossing of Verlosser nodig nie, maar alleen die kans om homself te ontwikkel en sy ware goddelike natuur te ontplooi. Dit is daarom heeltemaal logies en konsekwent dat H.P.B. evolusie een van haar grondgedagtes maak. Aangesien die ervaring ons leer dat ons in die loop van die lewe nooit volmaaktheid bereik nie, lê die gedagte van die reïnkarnasie voor die hand; ons gee die mens dan maar nie net een beurt nie, maar soveel as wat hy nodig het. Histories gesien kry H.P.B. die gedagte van reïnkarnasie uit die Indiese godsdienste. Reïnkarnasie is egter hoogswaarskylik een van die elemente van die Oer-Indo-Germaanse religie; ons vind dit in die filosofie van die Grieke keer op keer, maar in Indië het dit tot sy sterkste ontplooiing gekom.

Die karma-leer is ook uit die Indiese godsdienste afkomstig. In sy Westerse gewaad, soos by H.P.B., pas dit egter goed in by die negentiende-eeuse natuurwetenskaplike beskouing dat alles staan onder die onverbiddelike wet van oorsaak en gevolg. H.P.B. het met die karma-leer die geleentheid om hierdie natuurwetenskaplike beskouing (wat, so terloops, met die ontwikkeling van die fisika in ons eeu onder leiding van Planck, Bohr, Einstein en andere nie meer geld nie) in haar stelsel op te neem en daarmee 'n groter skyn van wetenskaplikheid te bereik. Godsdienstig gesien is die karma-leer vir haar eintlik onontkombaar: sy het tyd vir die karma, want die mens het 'n onbeperkte aantal lewens; maar omdat daar vir haar nie 'n persoonlike, barmhartige God en 'n liefdevolle Christus is nie, is daar ook nie soiets as genade nie. Genade kan alleen daar wees waar daar ook sonde is. Daarom moet die mens die vrugte van sy onvolmaaktheid maar pluk. Maar omdat die mens in wese goddelik is, kan hy hierdie vrugte ook pluk, sy karma uitdien en daarmee homself verlos. Dit is een van die konsekwensies wanneer ons Christus nie as Verlosser wil aanneem nie, dat die enigste redding in die eie krag van die mens gesoek moet word.

5. **Die verborge kant van die godsdiens in die algemeen en die Christendom in die besonder:**

Die doel van alle godsdiens (volgens Besant) is om die mens te ont-

wikkel tot op daardie vlak wanneer die goddelike wese van die mens volkome een kan word met God, Wat die wese van alles rondom is, m.a.w. die vereniging van die „God within" met die „God without". Die enigste manier om dit te bereik, is om gebruik te maak van leermeesters wat die Waarheid ken en dit kan oordra aan mense. Hierdie leermeesters is die godsdiensstigters wat oor die hele wêreld verskyn het (b.v. Buddha, Christus, Confutius, Zoroaster, ens). Die ooreenkoms tussen hierdie godsdiensstigters sowel as die godsdienste wat hulle gestig het, toon dat „Religions are branches from a common trunk — Divine Wisdom" **(Esoteric Christianity, bls. 7).** Hierdie goddelike wysheid is die openbaring wat H.P.B. en andere ontvang het en waarvan ons reeds gepraat het.

Wanneer 'n godsdiensstigter deur die Groot Wit Broederskap gestuur word, word die plek waarheen hy gaan, bepaal deur die ontwikkeling van die bepaalde volk waarin hy verskyn en of die volk se situasie ryp is om hom te ontvang; die rypheid van die hele mensdom op 'n bepaalde tydstip is ook van belang,

In die bepaalde volk waarin die stigter verskyn, bestaan egter altyd groot verskille in die trappe van evolusie wat verskillende mense bereik het. Daar is van die eenvoudigste tot die ontwikkeldste. Die leermeester moet hom hierby aanpas en vir elkeen gee alleen wat hy kan begryp. Dit bring vanself die noodsaaklikheid van 'n esoteriese (geheime, verborge) leer mee, wat alleen aan die ingewydes meegedeel kan word; hierdie ingewydes is hulle wat die nodige stap van ontwikkeling voor hulle inwyding reeds bereik het (bv. 'n sedelike goeie lewe, studie van die godsdiens, ens.) en in staat is om deur hulle inwyding die hoogste trap te bereik.

'n Verdere rede waarom 'n esoteriese deel van elke godsdiens noodsaaklik is, is die feit dat kennis mag is: as die volle waarheid meegedeel word, leer die mens ook allerlei geheime van die natuur en dit is moontlik om hierdie kennis te misbruik (dit is die agtergrond van H.P.B. se towery).

Dit is Besant se motivering vir die bestaan van 'n esoteriese sy in die godsdiens. Sy probeer dit bewys deur te verwys na die verskillende misterie-godsdienste wat in Griekeland bestaan het, die Egiptiese, Babiloniese, Indiese en Joodse godsdiens. Uiteindelik kom die Christendom dan spesiaal te berde.

Ten opsigte van die Christendom behandel sy eerstens die getuienis uit die Skrif en tweedens getuienis uit die eerste eeue van die Christendom dat ook Christus en die vroeë kerk so'n esoteriese sy gehad het.

A. **Getuienis van die Skrif :**

1. Jesus se eie woorde:

a. Sy verwys na die gelykenisse in Mark. 4 en lê dan klem op Mark. 4:10, 11, 33 en 34, waarby sy betrek Mat. 13:11, 34 en 36 en Luk. 8:10. In hierdie tekste word gesê dat Jesus sekere gelykenisse (bv. die van die saaier) aan die volk vertel het, maar later eenkant vir sy dissipels duidelik gemaak het; ook dat aan sy dissipels die verborgenhede van die koninkryk van God verduidelik word maar aan die ander nie. Dit is dan vir haar die bewys van 'n geheimleer wat Christus aan die ingewydes, naamlik sy dissipels, geleer het, maar wat vir die ander bedek moes bly.

b. Joh. 16:12 dui vir haar daarop dat sekere dinge selfs nie eers aan die Twaalf vertel kon word nie, maar dat Christus dit waarskynlik na sy opstanding aan hulle vertel het en dat dit 'n oorlewering in die kerk geword het wat net die ingewydes geken het. „Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie" (Mat. 7:6) is vir haar 'n vermaning om die geheimleer nie aan oningewydes bekend te maak nie.

c. Die terme „koninkryk", „koninkryk van God", „koninkryk van die hemel", „die smal weg", „die nou poort", „verlostes, „wedergeboorte" en nog baie meer is vir Besant almal terme wat gebruik word om die ingewydes aan te dui. Die nou poort is vir haar nie die poort na die hemel nie, maar die poort tot die inwyding.

d. Sekere tekste reken Besant word eers verstaanbaar wanneer ons dit esoteries verstaan : plekke waar van oordeel of 'n ewige verlore gaan sprake is, bv. Mat. 7 : 13 en 14 en Luk. 13 : 23 en 24 is vir haar onsinnig as ons dit so beskou. „No Saviour in the world can be supposed to assert that many will seek to avoid hell and enter heaven, but will not be able to do so. But as applied to the narrow gateway of Initiation and to salvation from rebirth, it is perfectly true and natural" (bls. 36). Want die ingewydes is min. — Die vraag van die ryk jongman (Mat. 19:16 vlg.) interpreteer sy asof hy verlos wou word van reïnkarnasie en dat Christus se antwoord bedoel was dat hy ingewy moet word (bls. 38). — Wedergeboorte is vir haar sinloos, behalwe wanneer ons dit verstaan as die tweede geboorte, wat 'n term is om aan te dui dat iemand ingewy is in een of ander misterie-godsdiens,

2. Paulus se woorde:

a. I Kor. 2, 3, en 4:1, waar sy klem lê op die feit dat die Korinthiërs 'n gemeente van Christus is en tog deur Paulus vleeslik genoem word; verder dat hulle nog klein kindertjies is wat op melk gevoed moet word. Dit beteken dan dat Paulus, as 'n hoë ingewyde, 'n esoteriese kennis besit wat nie aan die gemeente kan behoort nie.

b. Sy buit een woord van Paulus baie sterk uit: In die reeds genoemde hoofstukke van Kor., Ef. 3:3, 4, 9, Kol. 1:26, 4:3 en talle ander plekke in die geskrifte van Paulus staan die Griekse woord **musterion,** wat in die Afrikaanse vertaling as **verborgenheid** aangegee word. Sy vertaal dit egter met „Mystery" (met 'n hoofletter), wat na die vorm van die woord en ook iets van die betekenis lyk of dit 'n beter vertaling is. Met hierdie vertaling lê sy 'n letterlike verband met die misteriegodsdienste. Hierdie misterië sou dan net aan die heiliges (Kol. 1:26) geopenbaar word en hierdie heiliges is 'n ander groep as die gemeente van Christus as 'n geheel (bls. 43). Dit is hierdie geheimleer wat Paulus dan aan Timotheus sou oorgedra het en waarna verwys word in I Tim. 4:14; 6:13, 20; II Tim. 1:13 en 14, ens.

c. Die inwyding van Paulus in die misterië sien sy in die „mistiek" van Paulus wat ons op talle plekke kry, bv. Gal. 3:27, Filip. 3:10 en baie ander (uitdrukkings soos **gelykvormig aan Christus, beklee met Christus, sterwe en opstaan met Christus, Christus in my en ek in Christus,** ens.)

B. **Die getuienis van die kerk:**

Hierby hoef ons nie lank stil te staan nie. Besant maak hier gebruik van dieselfde tegniek as wat ons hierbo gesien het: 1. In die werke van die kerkvaders maak sy weer gebruik van die woord **musterion** om aan te dui dat daar in die vroeë kerk 'n geheimleer bestaan het wat net aan 'n groep ingewydes bekend was; 2. Sy sleep sektes wat half heidens was en heidense praktyke beoefen het, bv. die Gnostiek, in as egte vorms van die Christendom en toon dan die misterieë by hulle aan; 3. Sy gaan die geskiedenis deur en toon die mistiese vorme wat bestaan het by Gnostiek, Neo-Platonisme, dwarsdeur die Middeleeue, Tauler, Thomas á Kempis, Rosekruisers, Cusanus, Bruno, Jacob Böhme en talle ander. Hierdie mense sou nog iets van die esoteriese leer oorgehou het wat deur die kerk in sy vervolging van die sektes in die vroeë Christelike eeue feitlik uitgeroei het. Dit is die uitroei van hierdie geheimleer wat volgens Besant tot die verval van die Christendom gelei het; die mees vervalle is die Protestantisme wat die minste van die misterieë oorgehou het.

## KOMMENTAAR.

Wanneer ons kritiek op enige godsdienstige stelsel gee, kan ons dit alleen op een manier doen : ons moet uitgaan van die feit dat ons gelowiges is en dat ons geloof alleen berus op die Heilige Skrif. Ons moet dan vanuit die Skrif praat. Sodra ons die Skrif loslaat, spreek ons nie meer Gods Woord nie, maar mensewoord. Sodra ons mensewoord spreek, word ons heeltemaal relatief; dit is een mens se opinie teenoor 'n ander en 'n bomenslike norm van beoordeling bestaan daar nie. Ons kan hier daarom niks anders doen as om Besant aan die Skrif te toets nie.

1. **Die ooreenkoms tussen godsdienste:** Daar is baie trekke in die verskillende groot godsdienste van die wêreld wat 'n groot ooreenkoms toon; die Bakhti-religie in Indië en die Christendom toon selfs so 'n ooreenkoms dat heelwat teoloë al wou aantoon dat die Bakhti-religie 'n Christelike oorsprong het; Thomas, een van die Twaalf, sou dan sendeling in Indië gewees het.

Ons kan hierdie ooreenkoms op twee maniere verklaar: ons kan eerstens uitgaan van dieselfde prinsipe as Besant, naamlik dat daar 'n gemeenskaplike oorsprong vir die godsdienstige waarhede is, wat eenmaal suiwer gegee was, maar met die loop van tyd deformeer en verskillende gestaltes aanneem. Maar waarom moet ons dan hierdie oorsprong by 'n denkbeeldige Groot Wit Broederskap in Tibet gaan soek? Die Skrif leer ons dat Adam en Eva deur God geskep is en met God in die paradys verkeer het; na die sondeval tree die deformasie in, maar hulle en hulle nageslagte ken God nog steeds as hulle God. Met Noag vergaan alle lewe behalwe die wat saam met Noag gered is; en Noag was 'n man wat met God gewandel het. Het ons hier nie die oorspronklik gegewene waarvandaan die waarheidselemente in die verskillende godsdienste kan kom nie?

Tweedens kan ons uitgaan van die verskil tussen 'n algemene en 'n besondere openbaring. Die algemene openbaring is dan die kennis wat ons van God kan verkry uit sy handewerk (vgl. b.v. Ps. 104). Rom 2:14 en 15 dui ook daarop dat God die werk van die wet in die harte ook van die heidene gelê het. Hierdie openbaring is egter nie saligmakend nie; die enigste saligmakende openbaring is die in Christus. Met die algemene openbaring het ons dan ook 'n gemeenskaplike grondslag vir al die godsdienste.

Besant kan dit egter nie aanvaar nie. Beide standpunte beteken dat die Christendom die ware godsdiens is en dat die Skrif die enigste ware openbaring van God is, terwyl sy nie die Christendom wil aanvaar nie maar 'n verhewe standpunt bo alle godsdienste soek.

2. Wat die keuse van 'n volk om die openbaring te ontvang betref, wil ons net daarop wys dat die Skrif ons leer dat **God** sy volk, beide Ou Testamenties (Israel) en Nuwe Testamenties (kerk), voor die grondlegging van die wêreld gekies het.

3. Die **misterië-godsdienste**: Besant lê soveel klem hierop dat ons daarby moet vertoef. Aangesien sy reken dat die Christendom deur die antieke misterieë grootliks beïnvloed is, sal ons net van die Orphiese Misterië by Eleusis praat soos dit was ten tye van die ontstaan van die Christendom.

Die misterië was rites waartoe alleen sekere bevoorregte aanbidders

toegelaat is, maar eers nadat hulle 'n lang voorbereiding deurgegaan het en 'n plegtige belofte van geheimhouding afgelê het. Dit kandidate wat hulle aanbied vir die misterië is eers gekeur na karakter en aard. Daarna kon hulle die eerste stappe van die inwyding en proeftyd deurgaan, wat byna 'n volle twee jaar geduur het. Dan kom die eintlike inisiasie: na 'n lang ruk van vas en voorbereiding deur die aanskou van bepaalde simbole en tonele word die kandidaat opgewek tot 'n toestand van ek-stase; bepaalde spreuke word oor hom uitgespreek en handelinge met hom uitgevoer en dan is hy 'n ingewyde. Die wese van die inwyding was die ekstase waar die kandidaat een word met die godheid en op daardie manier self goddelikheid verkry. Die doel daaragter was om 'n blywende effekte op die karakter van die kandidaat uit te oefen en volgens getuienis wat ons uit die ou tyd het, was hierdie effekte ook besonder groot.

Wesenlik is alle misterië-godsdienste dieselfde; al wat werklik verskil is die rites en die gode wat daarin betrek word. Dit is ook dei aard van die Christelike misterië soos Besant dit aangee. Die ingewydes sou dan 'n groep mistici wees wat een geword het met God en daarom self god-delikheid verkry het. Hierop kom sy keer op keer terug en ter geleëner tyd sal ons die verskillende aspekte aantoon. Hier gaan dit ons net daarom of soiets in die Skrif aangedui word.

4. Die **skriftuurplase** wat sy aandui, hoef ons nie een vir een na te gaan nie. Ons wil net die volgende aantoon:

a, Dit is waar dat Jesus op verskillende plekke vir die volk 'n ge-lykenis vertel en dan vir sy dissipels dit duidelik maak en ook sê dat sekere dinge nie aan die volk vertel word nie. Dit is egter nie omdat daar 'n geheimleer bestaan het nie. Ons moet dit verstaan uit die om-standigheid dat Jesus verskyn het om iets aan die mense mee te deel wat vir hulle volkome vreemd was. Geleidelik moes Hy sy openbaring laat geskied; so maak Hy ook nie sy lyde van die begin af aan die Twaalf bekend nie, maar eers teen die einde toe Hy na Jerusalem vir die laaste keer moes opgaan. So ook word die werklike betekenis van Jesus se werk eers duidelik na die uitstorting van die Heilige Gees. Ons kan dan sê dat die publiek in die algemeen en die Twaalf in besonder nie ryp was vir die evangelie nie en dat hulle geleidelik „ingewy" moes word, maar die bedoeling was nie om 'n blywende geheimleer daar te stel nie. Wanneer sy koninkryk gevestig is, is die volle openbarig, in so verre dit vir 'n mens se saligheid noodsaaklik is, gegee en het Hy die opdrag gegee om die evangelie aan alle kreature te verkondig (Mark 16:15).

b. In 'n sekere sin is elke gelowige 'n ingewyde. Die gelowiges, so leer Christus ons, is in hierdie wêreld maar nie van hierdie wêreld nie (Joh. 15:19; 17:16). Hulle staan teenoor die wêreld en die wêreld is die gebied wat hulle vir God moet verower. Hulle ken ook dinge wat

ander nie ken nie, naamlik die openbaring van God (Joh. 14:22). Hierdie openbaring is egter nie 'n gheimleer wat net sommiges mag ken nie, maar is juis die evangelie, die blye boodskap wat aan almal verkondig moet word; elkeen moet hoor dat God ons so lief gehad het dat Hy sy eniggebore Seun gegee het sodat **elkeen** wat glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan beërw (Joh. 3:16).

En wat die Korinthiërs betref: dit is waar dat Paulus hulle vleeslik en klein kindertjies noem. Hy noem hulle nog baie meer: rusiemakers (I Kor. 1:11), hoereerders, nog slegter as die heidene (I Kor. 5 : 1) en nog baie meer. Besant begryp van die Christendom egter so min as 'n kat van safraan: die feit dat die gemeente so is, beteken nie dat hulle nie ingewydes is terwyl Paulus dit wel is nie. Dit beteken dat daar **sonde** onder die gemeente is; maar soos ons reeds gesien het, bestaan werklike boosheid en sonde nie vir die Teosofie nie. Al is daar sonde onder die gemeente, is hulle nogtans die gemeente van Christus; ongehoorsame volgelinge, onheilige heiliges wat met geduld maar ook met die tug (I Kor. 5) daartoe gebring moet word om die boosheid uit hulle lewens te ban. En Paulus het alleen 'n besondere posisie in so verre hy die geroepe apostel van die Here is, een wat onder die direkte opdrag staan om die evangelie te verkondig en die gemeente te vermaan (I Kor. 1:1; 2; II Kor. 1:1; 2:14 - 4:15).

Dit is ook die feit dat Besant die sonde nie in al sy verskrikking erken nie, dat sy geen oordeel kan erken nie. Sonde is nie maar onvolmaaktheid en die bose die skaduweekant van God nie. Daar is die radikale uiterstes van heiligheid en sonde, God en die bose, en daar is geen middeposisie nie. En hulle wat aan die bose behoort, kom onder die oordeel van God. Die Skrif is vol hiervan, maar ons verwys hier net na Rom. 2. Dit is omdat sy die werklikheid van die sonde nie erken nie, dat sy dergelike skriftuurplekke nie kan verstaan en denkbeeldige inwydingsrites moet uitdink as verklaring.

Dit is ook die verklaring vir Besant se beskouing van terme soos, „koningryk van God" en so meer. Hier is dit weer nie 'n teenstelling tussen ingewydes en oningewydes nie, maar tussen hulle wat aan die bose behoort en hulle wat deur Christus vrygekoop is. So is dit ook met die wedergeboorte: dit is nie 'n tweede geboorte in die sin dat iemand nou ingewy is nie, maar in die sin dat die ou, sondige mens gesterwe het en die nuwe mens wat aan Christus behoort, gebore word.

c. Die Griekse woord **musterion** wat Paulus so dikwels gebruik, is die spesifieke woord wat die Grieke vir hulle misterië gebruik het. Waar Paulus dit gebruik, beteken dit egter iets heeltemaal anders. Paulus skryf per slot van rekening Grieks, die taal van 'n heidenvolk; hy gebruik hulle woorde en gee 'n nuwe, Christelike betekenis daaraan. Dit is die-

selfde as wanneer 'n Christen „God" sou sê en 'n heiden „god" sê; die woorde is dieselfde, maar die betekenis totaal verskillend. Paulus bedoel daarom met die woord nie dat daar 'n misterie-gedeelte in die Christendom sou bestaan nie, maar dat Gods gedagtes nie ons gedagtes is nie en dat ons nie in die raad van God sit nie. God het sy planne met ons en die wêreld en Hy openbaar dit aan wie Hy wil, wanneer dit sy tyd is en dit Hom behaag. God is 'n verborge God en Hy maak sy verborgenheid openbaar. Hiervoor gebruik Hy bepaalde mense, maar nie met die bedoeling dat hulle die verborgenheid vir hulleself moet hou nie, maar dat dit bekend gemaak moet word, verkondig word. Daarom skryf Paulus dit in sy briewe, die evangeliste in ons evangelies en verkondig hulle dit aan die gemeentes.

d. Die **„mistieke" element** wat ons in die geskrifte van Paulus en byvoorbeeld in Joh. 15 vind, is heeltemaal iets anders as die pantheïstiese mistiek van die Teosofie. Vir die Teosoof is daar nie 'n wesenlike verskil tussen God en mens nie; die mens is in sy wese goddelik; dit is alleen sy blindheid wat maak dat hy dit nie raaksien nie. Die mens moet nou uit hierdie blindheid opgewek word, sodat hy sy wesenlike eenheid met God en die heelal kan erken en herken en daarmee begryp dat hyself goddelik is en 'n goddelike bestemming het. Die Skrif leer ons net die teenoorgestelde: die mens is in sy wese sondig en staan ver verwyder teenoor God; nooit en te nimmer sal ons uit eie krag God bereik nie. God het ons egter lief en daarom daal Hy tot ons neer. Deur die werking van sy Gees laat Hy ons wedergebore word tot die nuwe mens, wat in sy diens staan tot sy verheerliking. Dan behoort ons aan Hom, is ons heiliges. In sy genade skenk Hy ons dan ook sy gemeenskap; in die gebed ontmoet ons Hom en spreek ons tot Hom en Hy tot ons; Hy skenk sy Gees in ons harte om ons te vermaan en ons te lei, die Gees van die Waarheid wat Jesus, die waarheid, in ons harte laat lewe. Daarmee gee God ons 'n voorsmaak van die heerlikheid wat ons eenmaal sal hê, wanneer ons in sy heerlikheid is. Maar dit beteken allermins dat ons nou goddelik geword het; inteendeel, nog steeds staan die kwade ons by (Rom. 7); nog steeds is dit net die genade van God wat genoegsaam is en kan ons nooit oor ons goddelikheid roem nie, maar alleen in ons swakhede, want eers in ons swakheid word die krag van God volbring (II Kor. 12).

In al hierdie dinge merk ons wat ons ook verder sal merk: Besant en die Teosofie het 'n element van die waarheid beet, maar draai dit om hulle te pas. Daarom is dit soveel te gevaarliker.

6. **Die leer i.v.m. Jesus Christus:**

Die geskiedenis van die Christus wat deur die kerk aanbid en verkondig word, is besonder kompleks, volgens Besant. 'n Paar historiese

en verder allgoriese, legendariese en mistiese elemente het saamgevloei om ons beeld van die Christus te gee soos wat ons dit vandag het. Omdat die kerk hierdie komplekse geheel as histories aanbied, stel hy die figuur van Christus oop vir kritiek en ongeloof. Sy onderskei dan tussen

A. **Die historiese Christus of Jesus die geneser en leraar:** Wat sy hier aanbied, trek sy, H.P.B. en andere uit hulle okkulte bronne. Hiervolgens is Jesus gebore in Palestina in die jaar 105 v.C. uit arm maar goeie ouers; Hy het 'n goeie opvoeding gehad en was baie toegewyd en godsdienstig; Hy is opgelei in die Joodse godsdiens en het hulle geskrifte bestudeer. Ná 'n besoek in Jerusalem waar sy besondere godsdienstige aanleg geblyk het, stuur sy ouers Hom na 'n Esseense groep in die suidelike Judese woestyn. Op negentienjarige leeftyd gaan hy hiervandaan na 'n Esseense klooster naby Berg Serbal. Hierdie klooster is baie deur reisigers besoek, ook reisigers vanuit Persië, Indië en Egipte. Die klooster het 'n groot biblioteek gehad waarin veral okkulte werke opgeneem is, baie van hulle Indies en Tibetaans van oorsprong. Hiervandaan vertrek Hy na Egipte waar hy lank vertoef en ingewy word in die Egiptiese misterie-godsdiens, waardeur Hy voorberei word vir die Hoëpriesterskap. As mens was Hy byna bo-menslik suiwer, toegewyd, verhewe en liefderyk. So word Hy nege-en-twintig jaar oud.

Intussen het die wêreld ryp geword vir 'n nuwe manifestasie van God. Die suiwerheid en toegewydheid van die dissipels Jesus het Hom geskik gemaak om te dien as tempel van die goddelike Mag. So kom God dan woon in Jesus en dit gebeur met sy doop. Daarmee word Jesus dan God geopenbaar in die vlees (I Tim. 3:16). Dit beteken egter nie dat Jesus wesenlik anders was as enige ander mens nie, want „truly all men are Gods, in respect to the Spirit within them, but not in all is the Godhead manifested, as in that well-beloved Son of the Most High" (bls. 99). Ons is ook goddelik; Jesus is net goddeliker.

Jesus was die mens; die Gees wat in Hom kom woon het, was die Christus, een van die Groot Wit Broederskap. Daarom word die mens Jesus ook met reg Christus genoem.

Nou vir drie jaar lank verkondig Christus sy boodskap. Die eerste wat Hom verwerp, is die Esseense broederskap onder wie Hy sy opleiding gehad het; in die Evangelies word dit ons aangebied as die verhaal van die versoeking van Jesus net na sy doop. Die boodskap van 'n man soos Jesus word egter nooit in die wêreld verwelkom nie en daarom word die mens Jesus uiteindelik gekruisig omdat Hy die Christus in sy liggaam laat woon het. Na die dood van Jesus verlaat die Meester Christus (Meester is 'n tegniese term vir die Teosofie; dit is dieselfde as Mahatma en dui een van die Wit Broederskap aan) nie sy volgelinge nie, maa rvir meer as vyftig jaar lank verskyn Hy aan hulle in sy geestelike liggaam

en sit sy onderrig aan hulle voort. In hierdie tyd leer Hy hulle die esoteriese waarhede waarvoor hulle vroeër nie ryp was nie en wy Hy hulle in die misterië in.

Besant som op: „The historical Christ, then, is a glorius Being **belonging to the great spiritual hierarchy that guides the spiritual evolution of humanity, who used for three years the human body of the disciple Jesus;** who . . . . . was finally put to death for blasphemy, for **teaching the inherent Divinity** of Himself and **of all men.** He came to give a new impulse of spiritual life to the world; to **re-issue** the inner teachings affecting spiritual life . . . . **Perfecting his human evolution, Jesus became one of the Masters of Wisdom** (die Mahatmas), **and took Christianity under His special charge . . . . He was the Hierophant in the Christian Mysteries, the direct Teacher of the Initiates. His the inspiration that kept alight the Gnosis in the Church . . . .**" (bls. 104-105. Vetdruk deur my).

KOMMENTAAR:

Veel kommentaar hoef ons nie te maak nie; die snert is duidelik vir iedereen wat al van die Nuwe Tesament gehoor het. Ek kan hier net sê dat die bronne waaruit die Teosofie hierdie verhaal put, is

1. hulle eie duime; dit is die hoofbron;

2. die Gnostiek, hoofsaaklik die **Pistis Sophia** van Valentinus. Die Gnostiek was 'n sektariese rigting gedurende die eerste eeue van ons jaartelling wat soveel heidense elemente in hulle opgeneem het dat ons dit haas nie meer Christelik kan noem nie. Die kerk het hierdie sekte uiteindelik doodgedruk; een van die groot verwyte van die Teosowe teen die kerk.

Ten slotte moet ons net herinner daaraan dat Christus God en mens was van sy geboorte af (I Joh. 5:20; Joh. 1:1-14; 17-3; Rom. 1:3; Kol. 1:15; Gal. 4:4: Luk. 1:31, 35, 42, 43; Mat. 1:20; Filip. 2:7; Hebr. 2:14, 17; 4:15). Verder is Christus nie maar een van die hele hierargie verlossers, meesters of wat ook al nie, maar die enigste Verlosser (Joh. 14:6; 15:4,5; I Tim. 2:5; I Joh. 5:11).

B. **Die mitiese Christus:** Besant begin hier met die kritiek wat op die Christendom in baie opsigte uitgeoefen word. Sommige van die aanvalle wys sy af as ongegrond: „So far as the wonderworking and the teachings are concerned, we may briefly dismiss these first with the acknowledgement that the most great Teachers have wrought works which, on the physical plane, appear as miracles in the sight of their contemporaries, but are known by occultists to be done by the exercise of powers possessed by all Initiates above a certain grade. (Om 'n wonder

te doen is dus niks, as jy maar net weet hoe; per slot van rekening het H.P.B. baie meer wonders as Christus gedoen). The teachings He gave may also be acknowledged to be non-original; . . . . certainly Jesus must have repeated the teachings of His predecessors, since He was a messenger from the same Lodge" (bls. 108 vlg.). Die werklike probleem wat sy hier moet uitmaak, is: „Why are the festivals that commemorate events in the life of Jesus found in pre-Christian religions, and in them commemorate identical events in the lives of other Teachers?" (bls. 109) „To solve the difficulty of these identities we must study the Mythic Christ, the Christ of the solar myths or legends, these myths being the pictorial forms in which certain profound truths were given to the world, . . . . Now a 'myth' is by no means . . . . a mere fanciful story erected on a basis of fact, or altogether apart from fact. A myth is far truer than a history, for a history only gives a story of the shadows, whereas a myth gives a story of the substance that cast the shadows. As above so below; and **first** above and **then** below" (bls. 113). Die taal waarin die mite vertel word, is 'n taal van simbole; as ons die betekenis van simbole ken, kan ons ook die ware betekenis van die mite agterkom.

So is die son die simbool van die Logos („Logos" beteken rede, woord; Joh. 1:1 vlg vertaal Logos met Woord), maar ook van die inkarnasie van die Logos of enige hoë ingewyde wat deur die Logos gestuur is. Om hierdie rede moet ons groot ooreenkomste verwag in al die godsdienste.

Die Sonmite is die verhaal wat die aktiviteit van die Logos in die wêreld uitbeeld. Die held van die verhaal is altyd 'n goddelike wese, die Songod. Die Songod word altyd gebore op die keerpunt van die winter wanneer die dae die kortste is, d.w.s. op middernag van 24 Desember. Dit is ook die tyd wanneer die sterrebeeld Virgo begin verskyn (ons het hier met die noordelike halfrond te doen) en aangesien Virgo „maagd" beteken, word die Songod altyd uit 'n maagd gebore. In die begin moet die Songod-kind worstel om aan die lewe te bly (hoewel die keerpunt reeds daar was en die dae langer word, is hulle tog nog kort en die nagte lank); allerlei gevare bedreig hom. Hy oorwin egter en groei tot by die lente-keerpunt, wanneer hy gekruisig word en doodgaan; dit is die tyd wanneer die saad in die aarde sterwe om die plante voort te bring. Die Songod oorwin die dood en heers met groter heerlikheid om al die plante onder sy sorg tot rypwording te laat gedy.

Nou wys Besant op die talle gode (bv. Isis, Devaki, Mithras, Horus, ens.) in wie se lewe ons hierdie selfde volgorde kry en wie se geboortefeeste, dood en opstanding op dieselfde tyd gevier word. Hierdie selfde volgorde word ook in die inwyding in die misterië gevolg en die persoon wat ingewy word, gaan hierdie geboorte (dit is dan die wedergeboorte),

lewe, dood en opstanding misties deur, waardeur hy een word met die god in wie se naam hy ingelyf word. Toe Christus die Meester van die misterië geword het, het al hierdie mites ook rondom Hom saamgepak en kry ons in sy lewensgeskiedenis presies dieselfde volgorde met dieselfde datums en betekenisse as by die ander. „Why have these legends mingled with the history of Jesus, and crystallized round Him, as a historical personage? These are really the stories not of a particular individual named Jesus, but of the universal Christ: of a Man who symbolized a Divine Being, and who represented a fundamental truth in nature: a Man who filled a certain office and held a certain characteristic position towards humanity; standing towards humanity in a special relationship, renewed age after age, as generation succeeded generation, and race gave way to race. Hence He was, as are all such, the "Son of Man", a peculiar and distinctive title, the title of an office, not of an individual". (Bls. 125 vlg.).

As 'n voorbeeld van hoe die Teosowe omspring met besonderhede haal ons die volgende uit de Purucker aan : Dit gaan oor die intog van die Here in Jerusalem (Luk. 19:29 vlg.). In die mistiek van die Nabye Ooste (volgens de P.) word die planeet Saturnus voorgestel as 'n esel en die aarde as 'n eselsvul. Die aardse Jerusalem is 'n simbool wat dikwels vir die aarde gebruik word, net soos die hemelse Jerusalem dei simbool van die hemel is. As ons al hierdie dinge in gedagte hou, lees Luk. 19:29 en verderaan so: „The Spiritual Soul, the inner Christos, rides into ‚Jerusalem' — material existence on earth — on an ass, meaning Saturn, and the foal of an ass, meaning this Earth; and the Monad, the Christ-Spirit, descending into matter thus, is crucified on the cross of matter that is to say is betrayed and crucified, following the Platonic imagery of the ancients" [13]). Daarom reken de Purucker dit noodsaaklik om te waarsku: „The one thing to be on guard against is to read any single line of these Christian Scriptures as recounting an actual historical physical event". [14]).

**KOMMENTAAR :**

1. Die grondslag waarop hierdie hele konstruksie gebou is, is weer die pantheïsme, waar alles wesenlik God is en God een is. Daarom is die mens 'n mikrokosmos wat die makrokosmos weerspieël. Die groot gebeurtenisse in die heelal, soos die loop van son, maan en sterre word alles weerspieël in die lewe van die individu. Daarom glo die Teosoof aan astrologie (waarsêery uit die sterre) en daarom is dit moontlik om die lewe van Christus in verband te bring met die verloop van die son se kringloop.

---

13) Dieselfde, Vol. II, bls. 1083 vlg.
14) Dieselfde, Vol. II, bls. 1085 vlg.

2. Weereens moet ons die aandag vestig op die feit dat hier 'n skeiding tussen Jesus en Christus gemaak word. Jesus was 'n gewone individu, hoewel wonderlik suiwer en goed, en Christus is 'n algemene geestelike verlossingsprinsipe wat in baie mense op verskillende plekke en tye geïnkarneer word. Hieroor het ons hierbo al gehandel.

3. Wat Besant sê van die ooreenkoms tussen die geboortefeeste en dergelike meer van verskillende gode, is heeltemaal waar; dit is ook waar dat ons Christelike feeste saamval met die beweging van die son. Dit was egter nie nodig om die hele kwessie van die mites en die ewige misterië daarby in te sleep nie; daar is niks misterieus in nie. Elkeen wat iets van die kerkgeskiedenis af weet, weet dat Christus hoogs waarskynlik nie op Kersfees gebore is nie; die sterftyd weet ons as die tyd van die Paasfees van die Jode.

Alle heidense godsdienste is natuurgodsdienste of het sterk natuurgodsdienstige trekke; d.w.s. die godsdiens staan in verband met die natuur en objekte uit die natuur. In die noordelike halfrond is die tyd rondom 24 Desember dan 'n belangrike godsdienstige feesdag vir alle natuurgodsdienste. Met die feeste word die oorwinning van die lig oor die duisternis, die begin van nuwe lewe en so meer gevier. Die wêreld wat die Christendom moes verower, was 'n heidense wêreld en daarom vind ons dat die Christene baie heidense vorms geneem het en 'n Christelike betekenis daaraan gegee het. Dieselfde geld vir die feesdae, hier in besonder Kersfees en Paasfees (laasgenoemde is 'n lentefees). Maar al is dit so, wat maak dit saak? Die vraag is nie wat die oorspronklike heidense vorm beteken het nie, maar wat verkondig die evangelie nou? En die evangelie verkondig nie 'n natuurproses nie; vereenselwig ook nie Christus met die natuurgebeure nie; maar verkondig juis dat God alle natuur deurbreek deur sy Seun op aarde as Verlosser te stuur en ons vier met Kersfees die koms van daardie Verlosser. Die evangelie verkondig dat Christus gesterf het vir ons sonde en die dood oorwin het; en met Pase vier ons die fees van sy opstanding waardeur ons hoop op die saligheid kry. Die feit dat natuurgodsdienste op die dae natuurfeeste vier, maar nie 'n verskil aan die boodskap van die evangelie nie. Om om daardie rede van Christelike feeste natuurfeeste te maak, sou dieselfde wees as om Kersfees 'n wynfees te noem omdat baie mense op die dag dronk word.

C. **Die mistieke Christus:** Hier het ons te doen met die Christus van die misterië. „In one aspect, the Christ of the Mysteries is the Logos descending into matter, and the great Sun-Myth is the popular teaching of this sublime truth. As in previous cases, the Divine Teacher, who brought the Ancient Wisdom and republished it in the world, was regarded as a special manifestation of the Logos, and the Jesus of the

Churches was gradually draped with the stories which belonged to this great One (ons Jesus is m.a.w skyn en bedrog); thus He became identified, in Christian nomenclature, with the Second Person in the Trinity, the Logos, or Word of God, and the salient events recounted in the myth of the Sun-God became salient events of the story of Jesus, regarded as the incarnate Deity, the "mythic Christ". As in the macrocosm, the kosmos, the Christ of the Mysteries represents the Logos, the Second Person in the Trinity, so in the microcosm, man, does He represent the second aspect of the Divine Spirit in man — hence called in man "the Christ". The second aspect of the Christ of the Mysteries is the life of the Initiate, the life which is entered on at the first great Initiation, at which the Christ is born in man, and after which He develops in man" (bls. 128 vlg.).

Die mistieke Christus het dan twee aspekte, naamlik die van die Christus-Gees wat in die stof neerdaal en so gekruisig word; dit is die kosmiese Christus waaroor ons al gepraat het. En verder is daar die aspek van die Christus van die menslike gees en dit is hierop wat ons nou moet let.

„Every man is a potential Christ" (bls. 137), maar om 'n Christus te word, moet ons 'n hele aantal stadia van ontwikkeling deurgaan:

1. „Only those could be recognised as candidates for Initiation who were already good as men count goodness, according to the strict measure of the law. Pure, holy, without transgression . . . . Intelligent also must they be, of well-developed and welltrained minds" (bls. 129).

2. As jy aangeneem is as kandidaat vir die Christusskap, omdat jy die exoteriese goeie lewe volbring het, begin jou voorbereiding vir die inwyding. Dit is die smal wag na die nou poort en alhoewel baie op die weg gaan, is daar min wat die poort van inwyding bereik. In hierdie voorbereiding vir die inwyding moet die kandidaat onderskeiding leer, naamlik om die onsienlike agter die sienlike te leer ken; hy moet lydsaamheid beoefen, geduld, beheer in handelinge en gedagtes, geloof en volharding, en so meer. In kort: wat ons as Christene verstaan onder die heiligmaking is vir Besant die voorbereiding tot inwyding. As die kandidaat na jare se worsteling homself voorberei en vervolmaak het, is hy gereed vir die inwyding.

3. Die inwyding volg die geskiedenis van die Christus (so was dit in die heidense misterië) en deur hierdie geskiedenis as persoon deur te maak, word die persoon wat ingewy moet word uiteindelik self Christus. Hier is dan ook verskillende stadia:

a. „At the first great Initiation the Christ is born in the disciple; it is then that he realizes for the first time **in himself** the outpouring of

the divine Love . . . ." (138), Dit is die wedergeboorte waarvan Christus praat. Die grot waarin Christus gebore is, die ster, die drie wyses, ens. het alles simboliese betekenisse.

b. Die tweede stap is die doop deur water en gees waarvan die Skrif praat. Met herdie inwyding bereik die kandidaat die trap van die leermeester en beskik hy oor die mag om allerlei wonders te doen. Nou is dit egter die tyd wat hy versoek word om hierdie magte in sy eie voordeel te gebruik, net soos Christus na sy doop versoek is. Oorwin hy, is hy gereed vir die derde inwyding.

c. Die derde stap is die verheerliking op die berg. „There he is transfigured and there meets some of his great Forerunners, the Mighty Ones of old who trod where he now is treading" (140).

d. Die vierde stap is waar die kandidaat sy laaste stryd moet stry teen verlatenheid, fissiese pyn, al die magte wat hom van sy koers wil bring en in die gees moet sterwe. Hy gaan hierdie dinge deur en kom ander kant 'n nuwe mens uit; dit is sy opstanding.

e. Die laaste stap is die hemelvaart, die mistieke ontmoeting en eenwording met God. Nou is die kandidaat 'n ten volle ingewyde; nou het hy self 'n Christus geword.

## KOMMENTAAR.

1. Besant toon hier weer fundamenteel 'n baie swak begrip van die ware betekenis van die evangelie. Hulle wat geroep is deur Chrsitus, was juis nie die goeie nie, maar die heidens en tollenaars; Hy was die medisynmeester van die siekes, nie van die gesondes nie; Hy het kom soek om te red die verlorenes. Die goeies wat Besant beskrywe as kandidate vir die inwyding, klink vir ons baie soos die Fariseërs wat juis deur Jesus skerp veroordeel is. Hierdie fout spruit weer uit die feit dat sy sonde nie erken nie.

2. Die heiligmaking is nie 'n voorwaarde vir die wedergeboorte nie, maar geskied juis uit dankbaarheid en gehoorsaamheid na die wedergeboorte.

3. Besant se beskrywing van die inwyding het 'n groot element van die waarheid, daarom is dit so jammer dat sy die heidense gedagte van die inwyding bly verkondig. Ons het reeds gesê dat ons in 'n sekere sin die gelowige en die gemeente as ingewydes kan beskou; dit is die mense wat deur Christus uitverkies is om aan Hom te behoort en aan wie Hy sy openbaring skenk. Hierdie kerk van Christus leef saam met die Here. Die kerk volg in die verkondiging van die Woord 'n kerklike jaar: dit begin vier weke voor Kersfees met die Adventstyd, waarin die

kerk vooruitsien na die geboorte van die Heiland; dan volg die kerk die Heiland op sy wandelinge en met die sewe-weekse lydingstyd oordenk die kerk sy lyding; dan volg Goeie Vrydag en Paassondag en veertig dae later Hemelvaartsdag, waarin die dood, opstanding en hemelvaart van Jesus oordenk word; en eindelik volg tien dae later Pinkster, die uitstorting van die Heilige Gees, wanneer die God-met-ons die God-in-ons word. Hierin lê ook 'n baie sterk element van mistiek: die kerk, die bruid van Christus, leef, ly, sterf, staan op en word verheerlik saam met haar Bruidegom. Dit is die verborgenheid van die geloofslewe, wat aan niemand as net aan die gelowige bekend is nie. Dit is die skoonste, teerste en heerlikste deel van die geloofslewe van elke lidmaat en van die kerk as geheel; en dit is werklik nie baie wat hierdie hoogheid van geesteslewe bereik nie.

Besant maak egter die fundamentele flaters: Eerstens, hierdie „mistiek" is nie 'n misterie in die sin van 'n esoteriese leer en lewe nie; dit is juis by uitstek die heerlikheid van die evangelie wat aan alle kreature verkondig moet word en waartoe elke mens gebring moet word. Die ondervinding van hierdie heerlikheid is die vuur wat brand in elke gelowige en hom vervul met die begeerte om ook ander in hierdie heerlikheid te laat deel. — Tweedens, hierdie „mistiek" kom nie aan die mens toe uit eie reg van die mens nie, maar is genadegawe van God deur die soendood van sy Seun. Dit is nie omdat ons in wese goddelik en dieselfde as Christus is dat ons hierdie heerlike saamlewe kan beoefen nie; maar dit is omdat ons sondaars is wat in die dood was en deur Christus uit daardie dood verlos is. Die skenking van sy Gees is ook genade en hierdie genadegawe maak van ons nog nie gode of christusse nie; ons bly nog steeds mense en ons bedroef die Gees nog elke dag, sodat ons elke aand moet uitroep: Wie sal my verlos uit die liggaam van hierdie dood ? Maar elke keer verseker die Gees ons weer van die Waarheid en daarom kan ons antwoord: Ek dank God deur Jesus Christus, ons Here ! (Rom. 7:24, 25).

* * * *

Tot hiertoe het ons die grondslae van die Teosofie ontbloot en krities bespreek. Ons het ook die leer van die Teosofie i.v.m. Christus bespreek, 'n leer wat vir hulle maar een toepassing van hulle stelsel is, maar wat vir ons as Christene die aantasting van ons grondslae beteken. Wat nou nog oorbly, is die toepassing van wat ons sover geleer het op verskillende gebiede; dit wil ons baie kortliks doen.

### 7. Die Versoening.

Die versoening berus op die offerande van Christus. Offerande is egter (volgens Besant) 'n universele grondwet: minerale word aan plante opgeoffer, plante aan diere, diere aan mense; dit is alleen die feit dat

hierdie offer gebring word, dat dit moontlik is vir die natuur om te bestaan. Die wet van offerande is gebaseer op die fundamentele offerande van Logos wat in die stof neerdaal om vorm aan te neem. Die pynlike aspek van die offerande lê daarin dat 'n bepaalde vorm altyd opgebreek moet word. Die vorm disintegreer egter alleen, sodat die siel 'n deel kan word van die groter lewe. Besant skryf daarom die Engelse woord vir versoening, naamlik „atonement", as „at-one-ment", waarmee sy die wese van versoening wil uitdruk, naamlik die eenwoording van die individuele lewe deur prysgawe van sigself met die groot goddelike lewe.

8. **Opstanding en Hemevaart:**

Opstanding en hemelvaart probeer Besant ook heeltemaal natuurlik maak deur die onderskeidings waarop ons al gewys het, naamlik dat die liggaam uit sewe vorms of lae bestaan en so ook die gees. Dit is dan net die grofste vorms wat met die dood disintegreer, terwyl die res bly voortbestaan. Dit sou dan die geestelike liggaam wees waarvan Paulus in I Kor. 15 praat. Die voortbestaan van hierdie liggaam is heeltemaal natuurlik en gebeur by elke mens sonder onderskeiding.

9. **Gebed:**

Besant verdeel gebede in drie klasse, Klas A is gebede vir stoflike voordeel; Klas B is gebede vir geestelike voordeel, bv. gebed om hulp in versoeking; Klas C is eers ware gebed. Om die werking van gebede te verstaan, sit sy die hierargie van die geesteswêreld uiteen. Vanaf die DIT tot by die minerale is alles in afdalende orde gerangskik. Heeltemaal volgens die idee van die Gnostiek is daar ook 'n hele skare engele van verskillende range tussen ons en God. 'n Gebed van Klas A kan verhoor word deurdat een of ander gees of engel daardeur geraak word en beweeg word om te help; of omdat ons gees emaneer en in aanraking kom met die gees van 'n ander mens. Klas B — gebede word verhoor op dieselfde wyse as Klas A en verder deur die subjektiewe werking van die gebed, d.w.s. deur te bid vir hulp in ons versoeking wek ons ons eie innerlike kragte op en kan so die krag in onsself hê, terwyl ons meen dit kom van buite. Klas C, die ware gebede is die enigste wat God bereik. Dit is die gebed wat niks vra nie, maar wat eintlik net meditasie is, meditasie wat geleidelik oorgaan in ekstase waar die „God within" saamsmelt met die „God without".

10. **Vergifnis van sonde:**

Omdat sonde vir die Teosofie nie bestaan nie, kan vergifnis van sonde ook nie bestaan nie. Besant meen dat vergifnis van sonde uitgedink is as teenvoeter vir 'n denkbeeldige straf vir sonde. „A superfluous eternal hell was bananced by a superfluous forgiveness, and thus the uneven scales of justice was again rendered level". (228). Wat mense

sonde noem, is ons onvolmaaktheid en die karma wat ons moet uitdien; vergifnis van sonde beteken dan dat ons op 'n sekere stadium ons karma uitgedien het en dan vry is. Vergifnis neem egter dikwels die vorm aan dat iemand ons sonde vergewe, byvoorbeeld in die Nuwe Testament vind ons dikwels dat Christus sê: Jou sondes is vergewe. Dit beteken maar net dat iemand wat 'n ingewyde en heldersiende is, kan sien dat jou karma uitgedien is en dit dan verklaar. Christus koppel dikwels vergifnis met geloof. Hierdie geloof is egter net die innerlike krag van die mens wat opwel wanneer die kors van karma deurbreek is; daarom is dit heeltemal reg dat geloof en vergifnis altyd onafskeibaar verbonde is. Egter sal hierdie proses van deurbreking van die karma en vrywording plaasvind al is daar ook niemand om jou sondes te vergewe nie; Christus is nie nodig nie (230).

**KOMMENTAAR.**

Kommentaar is hier eintlik oorbodig. Die grondslag van al hierdie beskouings het ons reeds gegee, naamlik 'n mistiese pantheïsme wat geen sonde ken nie en die mens wesenlik as goddelik beskou. Veral ten opsigte van die vergifnis van sonde blyk dit weer hoe radikaal teenoorgestеld van die Nuwe Testament die beskouings van die Teosofie is.

11. **Slot.**

Die Teosofie is 'n tipiese produk van die 19de eeu, 'n tydperk wat gekenmerk word deur sy godsdienstige armoede en die insinking van die Christendom. Ons pluk nou die wrange vrugte daarvan.

Wanneer Gods Woord verlaat word, word dit vervang deur mensewoord. Wanneer God verlaat word, kom die mens in sy plek. Die Teosofie is daarom 'n mensgemaakte stelsel wat as godsdiens wil geld. Hoewel dit gedurig van God praat, verlaat die Teosofie tog in wese God en verwerp Christus heeltemal. God en mens word wesenlik een, sodat ons hier te doen het met 'n vergoddeliking van die mens. Wesenlik het ons in die Teosofie te doen met 'n selfverheerliking en selfaanbidding van die mens. Histories gesien is dit net soos die Spiritisme 'n herlewing van die heidendom; die Teosofie neem egter nog allerhande oud-Christelike sektariese elemente ook in hom op.

'n Mens kan deur die genade van God 'n Christen wees. 'n Mens kan ook 'n Teosoof wees, want ons is almal sondaars. Maar 'n mens kan nie Christen en Teosoof tegelyk wees nie.

**P. S. Dreyer.**